Bymekaar

Vir Altyd

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur Kanaän Bedieninge, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- River of Life Family Church, Vanderbijlpark
  Pastoor Edward Gibbens

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: (+27) (021) 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9vm – 3nm.

Kanaan in Europa - Basel:

Larwin and Silvia Nickelson
Oikos International Church
Reinacherstrasse 3
CH-4142 Münchenstein
Basel, Switserland
Sekretaresse: Margreth
Kantoor Tel: +41 (0) 61 332 15 40
Huis nr: 0041 61 601 14 75
Selfoon: 0041 79 381 23 15
Faks: +41 (0) 61 332 15 69
Kantoor e-pos: info@bete.net

INHOUD

INLEIDING **4**

Dit Neem Twee om Een te maak 5
Volkomenheid *versus* Komplimentering 5
Hoe om volwasse te word – Die belangrikheid van Grenslyne 6

WAARDES:

Wat jy waardeer is wat jy sal hê 10

ROL VAN DIE MAN:

God se Orde vir die Gesin 20
Wat beteken dit prakties om die Hoof te wees? 22
Eer 25
Die Resultaat van Hoofskap 26
Om jou Vrou Lief te hê 27
Stappe van Restitusie 31

ROL VAN DIE VROU:

Rol van die Vrou/Helper 34
Tuisteskepper 35
Die Groot "O" woord 39

INTIMITEIT

Fisiese Intimiteit 44
Geestelike Intimiteit 48

Die Krag om Petisies te Bid **49**

Petisie vir die Huwelik **50**
Petisie teen Jesebel **52**

Bymekaar vir Altyd

Inleiding

Hierdie boekie handel nie oor verandering, "regmaak" of om jou huweliksmaat enigiets te laat doen nie. Dit handel daaroor om goddelike **grenslyne** in die verhouding in te bring ten einde 'n konteks daar te stel waarin beide maats kan groei.

Dit mag dalk vir ons nodig wees om onsself sekere vryhede te ontsê om te doen of te sê wat ookal ons wil, ten einde 'n hoër doel te bereik. Baie huweliksmaats gebruik die konsep van grenslyne om 'n veldtog op tou te sit om hul maat te "dwing" om sy/haar wyses te verander. I.p.v. 'n "huweliks" probleem, sien hulle 'n "huweliksmaat"probleem. Elke maat moet verantwoordelikheid neem om die probleme op te los wat hulle in die gesig staar.

Mat 5:23,24:
23 As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het,
24 laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe.

Mat 18:15:
15 EN as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin;

Ons moet ons eie lewens **besit**, lewe in God se Lig, **verantwoordelikheid neem** vir ons **harte,** ons liefdes, ons tyd en ons talente.

Efes 4:15: "maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,"

Wanneer ons iemand anders blameer, skuif die lig van waarheid vanaf ons na daardie persoon (Adam en Eva). Ons moet **eers God se Koninkryk soek, asook geregtigheid**, deur meer intensief na ons eie sake te kyk as na die van ons huweliksmaats.

My gebed is dat soos u voortgaan om deur hierdie lering te werk, u sal leer uit God se Woord hoe om vir altyd bymekaar te bly.

Dit Neem Twee om Een te Maak 

Gen 2:18
18 Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas.

Mark 10:7,8
7 Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef,
8 en hulle twee sal een vlees word, sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees.

Eenheid word gebou oor verloop van tyd soos 'n verhouding groei en die twee een word.

"Tweeheid"

Die vereiste vir eenheid is twee heeltemal verskillende persone. 'n Volledige persoon is 'n **volwasse persoon** wie in staat is om al die dinge te kan doen wat vereis word van 'n volwasse lewe en verhouding:

- Gee en ontvang liefde
- Wees onafhanklik en selfvoorsienend
- Leef waardes eerlik uit
- Wees verantwoordelik
- Om selfvertroue te hê
- Handel met probleme en mislukkings
- Leef hul talente uit
- Om 'n lewe te hê

Indien twee algeheel verskillende mense trou, sal die eenheid wat hulle vestig, volledig wees. Dus, indien een of beide in die huwelik instap en vra dat die huwelik hulle sal afrond as persone, sal daardie huwelik skeur. Die huwelik is nie bedoel as die plek waar iemand as persoon afgerond moet word nie – dit is bedoel vir twee afgeronde mense wat saamkom en 'n "ons" bou wat groter en beter sal wees as enige van die "ek's" daarin betrokke. Die huwelik is 'n volwasse kontrak en ons behoort te groei in hierdie volwassenheid of afgerondheid om meer en meer eenheid te verkry.

VOLKOMENHEID *versus* KOMPLIMENTERING

Die huwelik is ontwerp – nie om van jou 'n heel mens te maak nie, maar om aan jou heelheid of volkomendheid 'n nuwe ervaring te bied. Ongelukkig sien baie mense 'n huwelik as 'n vrypas na 'n kortpad afgerondheid of volwassenheid. Dus trou hulle nie vanuit hul "krag" nie, maar vanuit hul swakheid. Hulle trou met iemand wat sal opmaak vir dit wat hulle nie op hul eie kon bemeester nie. Hulle trou vanuit hul onvolkomenheid, en daardeur vernietig hulle die moontlikheid tot eenheid, bv. Hy trou met 'n "ma" om vir hom die huis te bied wat hy nie vir homself kon bou nie, terwyl hy uitgaan en heerlik speel gedurende die dag.

Komplimentering beteken om verskillende perspektiewe, talente, vermoëns, ondervindinge en ander gawes in die verhouding in te bring en 'n venootskap te vorm.

Afronding of volkomenheid beteken om te moet opmaak vir iemand se onvolwassenheid as 'n persoon – die poging om iemand anders te gebruik om die wanbalans in jou karakter te balanseer, en dit werk nooit.

Elke persoon is verantwoordelik daarvoor om hierdie karakter-wanbalanse op sy eie te ontwikkel en dan 'n heel, gebalanseerde self in die verhouding in te bring.

Vermoëns wat beide maats behoort te besit:

- Emosionele aansluiting by mekaar
- Wees vatbaar en deel gevoelens
- Besit 'n toepaslike mate van mag en beslistheid
- Sê nee
- Besit inisiatief en dryfkrag
- Besit ten minste 'n klein mate van organisasie
- Wees eg, maar nie perfek nie
- Aanvaar onvolmaakthede en bied genade en vergifnis
- Toon hartseer oor die pyn van die verlede en leer om te laat gaan
- Dink vir jouself en gee uitdrukking aan opinies
- Leer en groei
- Neem risikos
- Kry 'n greep op en gebruik talente
- Wees verantwoordelik en maak klaar wat jy begin
- Wees vry en laat jou nie beheer deur eksterne of interne faktore nie
- Wees seksueel
- Wees geestelik en toon 'n morele waarde
- Leef 'n intellektuele lewe

Hoe om volwasse te word – die belangrikheid van Grenslyne



- Moet van begin af gevestig word
- Sal lei na ware intimiteit
- Sal paartjie help om in liefde te groei, individueel sowel as gesamentlik

Wat is Grenslyne?

- Verwys na eiendom – die begin en einde van iets
- Verwys na **eienaarskap** – elkeen weet waarvoor hy/sy **verantwoordelik** is – elkeen weet wie se probleem behoort aan wie.
- Nou word 'n geleentheid geskep vir **verandering**
- Verantwoordelikheid sluit **aksie** ook in – ons het nodig om sekere ingesteldhede te verander, ook gedragspatrone, reaksies of keuses.

Spr. 25:28:
28 'n Afgebreekte stad sonder muur, so is 'n man wat sy gees nie kan inhou nie.

Waarvoor is elke maat verantwoordelik?

- Emosies
- Gesindhede
- Gedrag
- Keuses
- Beperkinge
- Begeertes
- Gedagtes
- Waardes
- Talente
- Liefde

Verantwoordelikheid leer ons dat ons self deur ons eie gevoelens moet werk en moet leer hoe om anders daaroor te voel. Ons eie ingesteldhede – nie die van ons maat nie – veroorsaak dat ons terneergedruk en magteloos voel.
Hoe ons optree en reageer, is deel van die probleem en ons moet hierdie patrone verander. Ons laat toe dat ons verby sekere grense gestoot word, en dit laat ons gegrief en magteloos voel.

Hoe ons optree en reageer is ons eie probleem en ons sal moet werk aan baie verkeerde gedragspatrone.

- Grenslyne help ons om te weet waar begin en eindig 'n persoon se beheer.
- Vir liefde om te werk, moet elke huweliksmaat bewus wees van sy/haar **vryheid**.
- Grenslyne help om hierdie **vryheid** te definieer.
- Die huwelik is **nie** slawerny nei. Dit is gebaseer op 'n liefdesverhouding wat diep wortels het in **vryheid**.
- Elke maat is vry van die ander en dus vry om mekaar life te hê.
- Waar daar **beheer** is, of 'n persepsie van beheer, kan daar nie liefde wees nie. **Liefde bestaan slegs waar daar vryheid is**.

Drie bestanddele binne 'n verhouding:

Vryheid – Verantwoordelikheid – Liefde

Geen vryheid – slawerny – rebellie

God het ons geskape om **vry** te wees. Hy het die **verantwoordelikheid** daarvoor, vir ons gegee. As verantwoordelike, vry agente, het ons die opdrag om Hom en ons naaste **lief** te hê. Hierdie tema en beklemtoning strek dwarsdeur die hele Woord. Soos ons lewe met hierdie drie bestanddele van verhouding, groei liefde en word ons meer en meer vry van: Selfgesentreerdheid, pyn uit die verlede, sondige patrone, ens.

Grenslyne verskaf **beskerming** sodat liefde kan groei.
Wanneer iemand jou grenslyne oorskry dan kan jy beheer neem oor jouself en nie toelaat dat jy beheer word, of verder seergemaak word nie. Dit is **selfbeheersing**. Selfbeheersing dien ander en is nie selfsugtig nie.

Ons hoop dat sodra jy **beheer neem** oor **jouself**, jy beter sal kan liefhê, asook meer doelgerig en betekenisvol, sodat jy en jou maat die **intimiteit** kan ondervind wat julle begeer. Sonder duidelike grense, kan paartjies mekaar nie behoorlik leer ken nie; en as julle **mekaar** nie **ken** nie, kan julle mekaar nie behoorlik liefhê nie.
('n Studie i.v.m. *Grenslyne* en *Grenslyne met kinders*, kan verkry word van Kanaan Bedieninge)



WAARDES



Jou Waardesisteem Bepaal wat jy gaan hê

Jou waardes word die uiterste **identiteit** en **beskermende** grenslyne van jou huwelik. Aan beide die positiewe en negatiewe kant, sal jy dit wat jy het, na waarde skat. A.g.v. hierdie waardes, neem die verhouding 'n **identiteit en vorm** aan, 'n karakter van sy eie.

Jou waardes is die **uiterste grenslyne** in jou huwelik. Hulle vorm dit, beskerm dit, en bied 'n plek om te groei. Hulle skryf voor wat die aard van die verhouding gaan wees, wat nie daar toegelaat gaan word om te groei nie, sowel as waarna gesoek gaan word en wat behou gaan word. Die **waardes** van **jou verhouding** word soos **die raamwerk van 'n huis**; hulle gee vorm. Dit wat vir jou van waarde is, bepaal die soort verhouding wat jy heel waarskynlik aan die einde gaan hê.

In die **huwelik moet jy fokus daarop om 'n tuin te bewerk** i.p.v. om die vrug te eis, dan sal jou tuin 'n groot oes lewer. Dis soos dit is met waardes. Maak dit jou eerste prioriteit om die volgende dinge in te werk. **Werk daaraan**. **Doen alles** wat jy kan om die aanwesigheid van hierdie dinge te vermeerder. **Gee tyd, geld, energie, fokus en ander bronne** om die **liefde van God** en vir mekaar te ontwikkel deur **eerlikheid, getrouheid, meegevoel, vergifnis en heiligheid.**

Waarde Een – Liefde van God

Mark 12:30
*30 en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele **hart** en uit jou hele **siel** en uit jou hele **verstand** en uit jou hele **krag**. Dit is die **eerste gebod**.*

Hoekom het God hierdie waarde bo alle ander geplaas? Wanneer ons oriënterende beginsel in die lewe daaruit bestaan om God lief te hê, sal ons altyd aanpas by dit wat Hy van ons verwag. Wanneer dinge moeilik raak in 'n huwelik en een of ander verandering word van ons verwag, mag ons dit dalk nie wil doen nie. Ons mag voel dis onregverdig, te moeilik en te pynlik om te verander. Maar, wanneer ons besef dat dit God is met Wie ons uiteindelik sal moet deel, sal ons toegee aan hierdie realiteit en ook aan Sy hoër roeping op ons om te groei. Op die ou end wen die verhouding. **Ons moet God lief genoeg hê om te doen wat Hy vra**, en da sal die gevolg daarvan wees dat ons daarin sal groei om mekaar lief te hê. Ons liefde vir mekaar sal die vrug wees van om God lief te hê.

Om God lief te hê, moet eerste kom – **Hy bekragtig ons om te verander** – Hy vertel ons **hoe** om te verander. Indien ons probeer om in beheer te wees, sal ons dit op ons eie manier wil doen en daardeur die verhouding beperk. Ons almal het iemand groter nodig om te antwoord sodat ons die veranderinge sal maak wat ons nodig het.

Wees eerstens lief vir God, met jou hele hart, verstand en siel en krag. Gee jou lewe aan Hom en jy sal dit terugvind.

Waarde Twee – Liefde vir jou Huweliksmaat



Daar is baie gedagtes aangaande wat liefde nou eintlik beteken. Vir sommige is dit romanse, vir ander is dit sekuriteit. "Ek het dit/dat lief aangaande jou". Ons verheug ons oor wie daardie persoon is. Hulle voeg waarde by ons bestaan. Wat gebeur wanneer ons nie kan sien "wat ons liefhet" in ons maat nie? Ons "liefde" het verdwyn.

Die liefde wat 'n huwelik bou is die soort liefde wat God vir ons het. "Agape" liefde wat die welvaart van die ander party soek. Hierdie liefde het te doen met dit wat goed is vir die ander persoon.

Hoe het mens iemand "lief soos jouself" in die huwelik?

- Jy **identifiseer** so **intens** met jou maat dat jy die effekte van jou eie gedrag op jou maat kan voel. Dit beteken om te beweeg vanuit selfgesentreerdheid of om bloot te reageer om jouself te behaag. Plaas jouself in jou maat se skoene en voel hoe dit **voel** om soos hy/sy te wees. Dit bekragtig jou om die beste te soek vir die ander persoon.
- Jy dink daaraan om jou maat se lewe **beter** te maak. Jy voel die ander persoon se **behoefte** soos jou eie (empatie), en jy **offer op** om dit te ontmoet.
- Jy wil die **beste** hê vir jou maat, selfs wanneer jou maat nie kan sien wat dit is nie. Dit mag dalk 'n moeilike konfrontasie wees, of 'n genesing in jou maat se lewe, bv. 'n liefdevolle ingryping vir die verslaafde, selfs wanneer die hele gesin voordeel trek. Hierdie soort liefde kan jou duur kos.

Toewyding / Verbond

Om jou toe te wy aan iemand, beteken dat jy **daar sal wees** en dat jy **sal bly**, selfs wanneer dinge moeilik raak. Indien verlating 'n opsie is, hoekom deur die pyn gaan? Hoekom aan enigiets werk? 'n **Probleem** in 'n verhouding is gewoonlik 'n teken dat beide maats moet **groei** en **verander**, en sonder toewyding is vermyding dikwels die makliker weg daaruit.

Sommige verlaat nie fisies nie, maar **emosioneel**. Hulle neem hul **hart** uit die **verhouding**. **Toewyding** voorsien die tyd, **struktuur** en **sekuriteit** benodig vir die **verandering om plaas te vind**. In die huwelik wil God dikwels die chirurgie doen wat die lewe van die verhouding gaan red, maar die pasiënt spring van die operasietafel af voordat die chirurgie voltooi is. **Toewyding** hou die pasiënt op die tafel totdat alles afgehandel is. **Toewyding** voorsien ook **sekuriteit** wat nodig is vir groei. Sonder hierdie sekuriteit wat hierdie toewyding voorsien, weet die maats op 'n sekere dieper vlak dat indien hulle nie opleef na een of ander verwagting nie, hulle dalk "verlaat" kan word. Hierdie onsekuriteit maak plek vir **prestasie-angs**, wat altyd **ware verandering** sal onderdruk.

Toewyding dryf die **behoefte** vir groei aan, sowel as vir **sekuriteit.**

Aksie

Jak 2:17
17 Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.



Daar is nie so iets soos geloof sonder aksie nie. Dieselfde is waar van liefde. Liefde is nie net 'n gevoel of 'n aanhegting nie. Liefde is 'n **uitdrukking** van daardie aanhegting. Die liefde wat goeie grenslyne meebring in 'n huwelik, is die liefde w**at aksie in die verhouding inbring**.

Ware liefde sal homself nie toelaat om koud te word nie. Moenie mekaar as vanselfsprekend aanneem nie, maar "blaas daagliks die vlam aan" deur **aktief** jul liefde met en vir mekaar te **kommunikeer**, bv. klein briefies, geskenkies, afsprake, ens.

1 Kor 13:4-8a
4 Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,
5 handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie,
6 is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.
7 Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.
8 Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë - hulle sal tot niet gaan; of tale - hulle sal ophou; of kennis - dit sal tot niet gaan.

Niemand van ons is in staat om hierdie beskrywing van liefde ten volle uit te leef nie, maar soos ons probeer, sal liefde dien as 'n **kragtige grenslyn** teen alle soorte boosheid. Dit sal jul verhouding **beskerm** en aan jou vele dividende bied vir alles wat jy belê het in sy ewigdurende krag.

Maak liefde jou hoogste waarde in jou huwelik, omdat liefde die sterkste mag is wat ons tot ons beskikking het.

Waarde Drie – Eerlikheid

Misleiding beskadig 'n verhouding. Die leuen is baie meer skadelik as die dinge waaroor gelieg is, omdat leuens die ken van mekaar ondermyn, asook die verbinding self. Die punt waarop misleiding binnekom, is die punt waar verwantskap eindig. Misleiding is die een ding wat nie deurgewerk kan word nie, omdat dit die probleem ontken.

Eerlikheid moet saamgaan met die ander waardes wat ons bespreek het. Eerlikheid het ook liefde nodig, asook toewyding, vergifnis en heiligheid.

In sommige areas vind paartjies dit moeilik om eerlikheid te behou:

- Gevoelens
- Teleurstellings
- Begeertes, voor- en afkeure
- Pyn
- Woede en haat
- Seks
- Sondes
- Mislukking
- Behoeftes en kwesbaarhede

Dieper intimiteit

Intimiteit groei vanuit die ander persoon te "**ken**" op 'n **dieper vlak**. Indien daar blokkasies is tot eerlikheid, word "ken" uitgeskakel en valsheid neem oor.

Efes 4:25:
*25 Daarom, lê die leuen af en spreek die **waarheid**, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.*

Paartjies leef dikwels vir jare in valsheid omdat hulle probeer om 'n verhouding te beskerm en te red, terwyl hulle in effek besig is om enige kans op 'n ware verhouding heeltemal te vernietig.

Ons kan nie die belangrikheid genoeg onderstreep van hoe noodsaaklik dit is om met mekaar jou diepste gevoelens, behoeftes, pyn, begeertes, mislukkings of wat ookal in jou siel is, te deel nie. Jy moet **veilig** genoeg in jou huwelik voel om **algeheel kwesbaar** genoeg te wees om mekaar se vyeblare te mag verwyder. Dit sal jou huwelik terugplaas in die teruggekeerde staat van die paradys!

Meeste van die tyd, in andersins goeie huwelike, vind misleiding plaas vir "verdedigende" redes. Die oneerlike maat lieg dikwels – nie vir bose redes nie, maar om hom/haarself te **beskerm**. **Vrees** dryf die misleiding om hom/haarself te beskerm.

Sommige algemene vrese:

- Vrees vir ware nabyheid en om geken te word
- Vrees vir verlating en verlies van liefde indien hulle geken word
- Vrees om beheer en besit te word indien hulle geken word
- Vrees om gesien te word as "sleg" of nie goed genoeg nie
- Vrees vir hul eie begeertes, behoeftes en gevoelens

Kom ooreen op 'n **totale toewyding** julle twee en dan:

1. Besit genoeg **genade** om die **waarheid** te vertel. Belowe dat jy nooit jou maat sal straf omdat hy/sy eerlik was nie. Daar sal gevolge wees, maar **straf**, **skaamte** en **veroordeling** behoort nie deel te wees van hierdie gevolge nie.
2. Bied aan mekaar vryheid vir vrae en bespreek dinge met mekaar. Moenie aanstoot neem omdat jou maat nodig het om al die feite te verstaan nie.
3. Waak oor mekaar wanneer jy sien jou maat is nie heeltemal eerlik nie – hou mekaar by die waarheid.
4. Word 'n vennoot in jou maat se lewe ten einde die onderliggende vrese om eerlik te wees te genees, bv. indien sy vrees verwerping of verlating is; verseker hom van jou toewyding.
5. Neem **verantwoordelikheid** vir jou eie oneerlikheid en sy onderliggende vrese, en neem 'n besluit om hulle op te los. Soek iemand wat jou aanspreeklik sal hou. Kry 'n vriend om jou te help om die waarheid te vertel wanneer jy bang is.
6. **Gebruik onderskeiding**. Algehele eerlikheid is die ideaal, maar elke verhouding is nie gereed vir algehele kennis en om geken te word nie. Sommige waarhede is nog nie gereed om mee gehandel te word nie. Sommige mense is net te broos – die tydsberekening moet reg wees. Gebruik wysheid om te weet wat jul verhouding kan hanteer en wat nog eers moet wag.

Om 'n sterk verhouding te bou, sal julle 'n **belofte** aan mekaar moet maak tot algehele eerlikheid. **Onthou**: eerlikheid moet saamgaan met genoeg genade om die waarheid **aan te hoor** en ook daarmee te **deel** – wat die waarheid met hom saambring.

Waarde Vier – Getrouheid

Wat is dit?

- Vertrou mekaar
- Daar moet vertroue wees in mekaar
- Wees seker van mekaar se karakters – betroubaarheid
- Wees oortuig van jul vermoë om mekaar te vertrou
- Wees seker van mekaar se getrouheid
- Wees getrou aan mekaar
- Wees seker van mekaar
- Wees permanent vir mekaar
- Rus in mekaar

'n Getroue huweliksmaat is iemand wat vertou kan word, op staatgemaak kan word, in geglo kan word en iemand in wie jy kan rus.

In baie huwelike is die maats fisies getrou aan mekaar, maar nie emosioneel nie. Hulle is **getrou wat betref hul liggame, maar nie in hul harte nie**. Getrouheid beteken om vertrou te kan word op **alle** gebiede, nie net die seksuele nie, vertrou te word in sake van die hart, sowel as die van die liggaam. **Jy sal**:

- doen soos jy belowe het.
- deurvoer op dit wat jou maat aan jou toevertrou het
- sal seksueel getrou wees en **takies** getrou uitvoer!
- huistoe kom wanneer jy gesê het jy sal
- bly binne die maandelikse begroting

Die Hebreeuse woord vir **vertroue** is "**batach**", wat beteken om so vol vertroue te wees dat jy "**sorgeloos**" kan wees. Jy hoef jou nie te bekommer nie. Jy kan vertroue hê daarin dat wat aan jou belowe is, gedoen sal word. Jou "ja" is jou "ja" en jou "nee" is jou "nee".

Wat dryf mense uitmekaar?

Fisiese egbreuk beteken om jouself aan iemand anders te gee op seksuele gebied. Maar jy kan ook **emosionele egbreuk** pleeg – deur 'n "verhouding in die hart" aan te gaan – dit is om aspekte van jouself te neem en doelbewus weg te hou van die huwelik. Wanneer jy ander dinge in die lewe gebruik, al is dit nie verhoudings nie, om jou maat te vermy, bv. 'n stokperdjie, verslawing, werk, ens.

Dit gebeur algemeen in 'n huwelik waar daar konflik is of 'n behoefte aan groei en een of beide van die maats **nie die behoefte in die oë wil kyk nie**. Om die konflik te vermy asook die maat, gebruik hierdie maat 'n "buite" verhouding, bv. Die vrou kritiseer gedurig en beheer haar man. Die man vermy haar en dit veroorsaak 'n skeiding op 'n diep vlak. Die vrou voel onseker, dus wil sy beheer. Die man gaan voort om weg te trek omdat hy skaam voel en vrees vir kritiek ervaar. Hy sal instem om "harder te probeer" – vals gevoel van sekuriteit vir haar. Die man draai na pornografie – verslawing. Hy word **ontrou** omdat hy sy hart stort in 'n verslawing terwyl hy eintlik moet direk met sy vrou moes handel. Hy lei 'n dubbele lewe.

Geen verskonings

Mense probeer om ontrouheid te regverdig deur die ander se gebrek aan veiligheid. "Indien sy nie so krities was nie, sou ek nie na iemand anders gedraai het vir liefde nie". "Dit sou nooit gebeur het as hy net my behoeftes aangespreek het nie".

Niks is verder van die waarheid nie.
'n Daad van ontrouheid is iets wat een persoon doen, nie twee nie.

God bly getrou aan ons, maak nie saak wat ons doen nie.

2 Tim 2:13:
13 As ons ontrou is, Hy bly getrou, Hy kan Homself nie verloën nie.

Die huwelik vereis dieselfde van ons. Moenie dat jou maat se mislukkings om liefde te toon 'n verskoning wees vir jou ontrouheid nie. Sluit 'n ooreenkoms met mekaar dat julle nie sal toelaat dat iets tussen julle kom nie.

- Jy sal **betroubaar** wees
- Jy sal **geloofwaardig** wees
- Jy sal **seksueel en emosioneel** getrou bly

Bly getrou tot die einde.

Waarde Vyf – Meegevoel en Vergifnis

Die persoon wat jy die liefste het en aan wie jy jou lewe gewy het, is 'n **onvolmaakte wese**. Hierdie persoon dra die waarborg dat hy/sy jou gaan seermaak en faal op baie wyses, sommige ernstig en ander nie. Jy kan vir seker mislukkings verwag.

Pred 7:20:
20 Want daar is geen regverdige mens op hierdie aarde wat goed doen sonder om te sondig nie.

Wat nou?
Geen mislukking is groter as genade nie. Geen pyn bestaan wat liefde nie kan heelmaak nie. Maar vir dit om plaas te vind, moet daar meegevoel en 'n sagmoedigheid wees.

Meegevoel

1. Vergewe wat minderwaardig is tot die Bybelse standaard. Verneder jouself om te identifiseer met jou geliefde, wat die lewe ervaar op 'n wyse wat benede is wat jy of hy ooit wou hê. **Laat vaar alle eise op jou maat** om iets te wees wat hy/sy nie op die oomblik is nie.
2. Jou maat kry seer/ misluk op die oomblik, dus is jy op daardie oomblik in 'n sterker posisie om te help. (God gebruik nooit Sy sterker posisie om seer te maak nie, maar altyd om te help).

Kol 3:12-14: 12 ***Beklee julle*** *dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met* ***innerlike ontferming****,* ***goedertierenheid****,* ***nederigheid****,* ***sagmoedigheid****,* ***lankmoedigheid****.*
13 ***Verdra*** *mekaar en* ***vergewe*** *mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.*
14 En ***beklee julle*** *bo dit alles met die* ***liefde*** *wat die band van die volmaaktheid is.*

"Beklee jouself met meegevoel, sagmoedigheid, nederigheid, goedheid en geduld". Jy behoort hierdie kwaliteite "aan te trek" elke keer wanneer jou maat misluk.

MAAR – ongelukking is dit nie die mens se manier nie. In stede daarvan, **verhard ons ons harte** wanneer ons seergemaak word of aanstoot neem. Hardheid van hart is die ware moordenaar van verhoudings.

Teerhartigheid is die antwoord:



1. **Identifiseer met Sonde en Mislukking.** Jy moet 'n gesindheid van nederigheid openbaar teenoor jou maat se mislukking. Wees baie bekend met jou eie sondes, dan sal jy baie meer genade hê vir jou maat s'n.

2. **Identifiseer met swakheid.** Onkwesbaarheid is een van die hoof oorsake van harde harte. Deur jou rug te draai op jou eie pyn en kwesbaarhede, weerhou jou ook daarvan om in staat te wees om te identifiseer met die pyn van jou maat. Handel met jou eie pyn en seerkry, en jy sal meer empatie hê met jou maat. Moenie **kwaad** word vir jou maat oor haar/sy swakhede nie! Dit is dan asof jy jou krag gebruik om te vernietig. Indien jy jou maat se swakhede of tekortkominge veroordeel het, **vra vergifnis.**

Jak 2:13:
Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel.

Word 'n vennoot in die genesingsproses deur te identifiseer met jou maat se swakheid of onvermoë asof dit jou eie is. **MOENIE OORDEEL NIE!!**

3. **Wees gewillig om weer kwesbaar te word.** Ons kan mure van beskerming bou reeds vanaf ons kinderjare wat sê, "Ek sal nooit weer toelaat dat iemand my weer seermaak nie". Hierdie strategie weerhou hulle daarvan om nou intimiteit te ondervind. Ons moet leer om te vertrou en oop te maak indien ons maat werklik belydend is.

4. **Gewillig om te bely.** Vergifnis en teerhartigheid kom vanaf die beseerde persoon. Maar, vir groei om plaas te vind, moet die persoon wat misluk het, **verantwoordelikheid** daarvoor **neem** en 'n **ware verandering van die hart** toon. Ons maak slegs ons harte oop vir mense wanneer hulle toon dat hulle **betroubaar** is. Dit beteken nie dat hulle perfek is nie, maar dit beteken dat hulle waarlik gaan probeer.

Meegevoel, sagmoedigheid en vergifnis verseker dat onvolmaakte mense liefde en goeie verhoudings kan ervaar. Beklee jouself daarmee.

Waarde Ses – Heiligheid

Heiligheid klink styf en vervelig vir die meeste van ons, soos een of ander ou kerk-ervaring uit ons kinderjare. MAAR, heiligheid gaan nie net daaroor om godsdienstig te wees nie, dit gaan daaroor om **EG** te wees.

Om heilig te wees, beteken om eg en blaamloos te wees. God is heilig en Sy realiteit is **Uiterste Realiteit.** Tot die mate wat ons nie heilig is nie, is ons verder weg van die Realiteit van Lewe Self.



God is **Lewe en Uiterste Realiteit.**

Heiligheid sal as volg voortbring:

- 'n **Belydenis** en **eienaarskap** van die probleme in elke persoon
- 'n Onverpoosde drang na groei en ontwikkeling
- 'n Prysgee van alles wat in die weg van die waarheid staan
- 'n Suiwerheid van hart waar niks giftigs toegelaat word om wortel te skiet nie

Verkeerde Motiewe:

WAARSKUWING: Wanneer daar gehandel word met huweliksprobleme, wees versigtig dat die veranderinge wat gemaak word, nie die verkeerde motiewe het nie – "om jou maat terug te wen". Die persoon wat nodig het om te groei en te verander sodat die huwelik gered kan word, moet dit eerste van alles vir **homself/haarself** doen en nie vir die huweliksmaat nie. Heiligheid moet belangrik wees vir hom/haar – en dit moet apart staan van dit wat die ander maat van hom/haar verlang.

Ondersoek altyd jou hart vir die einddoel en **motivering** vir verandering. Net om jou maat terug te kry of jou huwelik te reg, is nie genoeg nie. Die primêre rede vir groei, moet wees dat iemand "honger na geregtigheid". – nie vir iemand anders s'n nie, maar die jouself. Dit is die enigste manier waarop iemand lewe gaan hê, wanneer hy honger het daarvoor en dit najaag met alles wat hy het. Jou begeerte vir heiligheid behoort groter te wees as die verhouding. **Jy kom vry van beheer wanneer jy verander vir jouself en nie vir jou maat nie.**

Jy word heilig vir die saak van heiligheid, nie as 'n gevolg dat jy daarin gedruk word van buite af of omdat jy probeer om jou maat terug te kry nie.

Deur heiligheid na te jaag, beteken dat jou en jou maat moet najaag om die soort mense te word wat ware **liefde en lewe** kan voortbring. Jy word **heel**. Jy word **betrouenswaardig**, **eerlik**, **getrou** en **liefdevol**. Heiligheid is die soort reinheid en **betroubaarheid** waarvan uit die diepste soort van **passie** vloei.

DIE ROL VAN DIE MAN

God se Orde vir die Gesin



Vandag bestaan daar baie verwarring aangaande die rolle in die gesin. Drie geslagte gelede was die rolle baie duideliker uitgestip, omdat die vader vanuit die huis gaan werk het en die kinders kon duidelik sien wie moes wat doen.

Die volgende geslag het die vaders weg van die huis gewerk (baie het vir lang ure gewerk) en die kinders is hoofsaaklik grootgemaak deur die moeders.

Vandag werk beide die vader en moeder en die kinders word gewoonlik grootgemaak deur een of ander vorm van kindersorg.

Ons moet terugkeer na God se orde vir die gesin indien ons 'n Goddelike nageslag wil grootmaak om God se doel en einddoel vir die wêreld te vervul.

Efes. 5:23, 25-27: 23 Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam.
25 Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het
26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,
27 sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.

1 Kor. 11:3,8,9: 3 Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.
8 Want die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man.
9 Want die man is ook nie ter wille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man.

Ons sien duidelik dat dit God se **besluit** is dat die man die hoof van die gesin moet wees. Die huwelik is nie 50/50 nie. Hoofskap is 100% die man se rol. Dit is nie 'n opsie nie maar wel 'n opdrag.

Met hierdie aanstelling van hoofskap word die **outoriteit** op jou **geplaas** – jy het dit nie verdien nie.

Jy dra nou die **verantwoordelikheid.**

Op jou huweliksdag (daardie oomblik toe jy gesê het "Ja") het jy die HOOF geword. Indien jy nie hierdie verantwoordelikheid wil hê nie, moenie trou nie!

Volgens God se ontwerp, is die man die hoof van die vrou en voer hy sy gedelegeerde outoriteit *liefdevol* uit!

God het die vrou geskape as die kroon van Sy skepping tesame met al haar talente, vermoëns en gawes, en het Hy haar onder jou geplaas om vir **haar te sorg**, te beskerm en vir haar te **voorsien**. SJOE!! Wat 'n geweldige verantwoordeliheid!

Wanneer jy voor God in gebed buig as die hoof van jou huis, het dit tot gevolg dat God reageer namens jou – om 'n beroering in die hemele te bring!

As die hoof dra die man die **primêre verantwoordelikheid** om die huwelik en gesin te lei in die rigting van Godverheerliking. Onder God, mag die vrou nie kompeteer vir daardie primêre verantwoordelikheid nie. Dit is haar man s'n, omdat hy die **eggenoot** is, aangewys deur God Almagtig. Het jy al ooit voor God gekom en jou rol as die hoof **aanvaar?** Maak nie saak waar jy al was in jou huwelik nie, NOU is die tyd dat jy jou plek as hoof inneem.

Gebed

Hemelse Vader, ek kniel voor U en erken U as my Hoof. Ek aanvaar U roeping op my lewe om die hoof van my vrou te wees. Ek aanvaar U besluit, ek aanvaar U uitvaardiging en ek aanvaar dat ek die hoof van die vrou is wat U aan my gegee het om voor te sorg. Ek stap nou in my posisie van hoofskap in, net soos Christus die Hoof is van Sy Bruid. Ek neem nou my hart en plaas dit in daardie posisie van hoofskap, soos Christus Sy bruid liefhet. Dankie dat U my salf vir daardie posisie, en dat U my die outoriteit gee. Help my, Here, om my vrou te verstaan terwyl ek my onderwerp aan hierdie posisie van hoofskap in U Naam.
In Jesus Naam, Amen.

Wat beteken dit prakties om die hoof te wees?

1 Tim. 3:2, 4, 5: 2 'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;
4 een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou.
5 Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?

Die hoof moet die aktiewe leier wees wat liefdevol **heers** en **voorsien.**

1. HEERS

Om te **heers** beteken om **"voor te staan"** en te sorg vir die gesin.

Heb 13: 7, 17: 7 Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.
17 Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.

'n Vrou en kinders vir wie nie gesorg is nie, kan ongeliefd en onseker voel. Jy is aangestel as **bewaker van hul siele** en jy sal rekenskap moet gee van dit waarmee jy toevertrou is nl. hul siele.

"**Om voor te staan**" stel 'n beeld voor van waar die man **fisies voor die vrou staan**, miskien om haar te **beskerm** van moontlike gevaar of om haar **te verteenwoordig** in die teenwoordigheid van ander.

Die idee is dat waar die vrou ookal mag gaan, haar man gaan altyd "voor haar uit". Hy stel altyd die rigting vas en sy lewer 'n bydrae soos hulle vorder. Sy voel altyd beskerm. Sy voel altyd verteenwoordig. Sy voel nooit alleen of oorweldig nie. Sy kan altyd leun op die besluitnemende vermoëns van haar man. Binne daardie konteks van veiligheid, voel sy vry om te beweeg.

Vroue kry dikwels 'n **sterk gevoel van sekerheid as hulle weet dat hul mans in bevel is**. Dit beteken nie dat sy nie 'n groot deel van die verantwoordelikheid self kan hanteer nie. Maar, die oomblik as sy voel dat **sy** "voor haar gesin uitgaan", begin die ervaring te spanningsvol word vir haar.

Hoe seker en veilig voel jou vrou?
Was jy dalk so selfsugtig en het slegs vir jouself omgegee?

Volgens God se orde moet kinders met respek onderworpe aan hulle vader wees.
Wat doen jy sodat jou kinders jou sal respekteer?

Pappa, jy moet vir hulle sorg, hulle behoeftes, ens., jy moet daar wees vir hulle!!

"Om te sorg vir"

*Lukas 10:34,35: 34 en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en hom na 'n herberg geneem en vir **hom gesorg**.*
*35 En toe hy die volgende môre weggaan, haal hy twee pennings uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê vir hom: **Sorg vir hom**, en enige onkoste wat jy nog meer mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom.*

HEERSKAPPY = SORG VIR
Hoe **seker** en **veilig** voel jou kinders?

2. VOORSIEN

Om te **voorsien**, beteken **"om vooruit te beplan"** om die gesin se behoeftes te vervul.

1 Tim. 5:8:
8 Maar iemand wat vir sy eie mense? en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige.

Die man het die primêre verantwoordelikheid om te voorsien in sy gesin se behoeftes. Hy moet eers seker maak dat hy elkeen se behoeftes ken en dan kan hy vooruit beplan om seker te maak of hy sy verantwoordelikheid kan nakom.

Moenie die fout maak om jou prestasie te beoordeel op grond van **dinge** nie. Jou radar behoort gedurig aktief te wees, gereed om enige behoefte van enige lid van jou gesin op te tel.

Nehemia was een van die grootste leiers in die Bybel. Met geweldige dinge teen hom en herhaaldelike teenkanting, het hy die volk van Israel aangespoor om die stadsmuur om Jerusalem te herbou. Pynlik presies het hy elke enkele detail van die operasie gereël – finansies, werkers, gevegsplanne, ens. Hy het dae aanmekaar gevas en gebid vir God se wil oor hoe hy te werk moes gaan.

Geestelike leierskap vereis nie alleenlik groot voorbereiding nie, maar ook betekenisvolle interaksie met God. Om 'n gesin te lei is nie net bloot 'n fisiese of sosiale onderneming nie. Dit is 'n Geestelike een.

God het die oorspronklike meesterplan ontwerp. Hy sal jou ook help met 'n goed-ontwerpte spesiaal vir jou gesin. Verneder jouself voor Hom in gebed. Indien Nehemia die stadsmure kon herstel, behoort jou gesin geen probleem vir Hom te wees nie!

Om te heers oor jou huishouding, beteken om sorg te dra vir elke behoefte wat deur jou vrou of kinders ondervind word.

Manne en vaders, NEEM EIENAARSKAP! Verbind daardie wonde – wees daar vir hulle! In Jesus Naam!

DIE HOOFSKAP SKAAL

Vrees

Passief

- Verlating – "Ek verlaat jou" – egskeiding, ens.
- Afwesig – TV – geen oogkontak, weg met sport/werk, ens.
- Apaties – "Wat ookal jy wil doen"; "besluit jy maar"
- Oorspronklik

Aggressief

- Outoritêr – "omdat ek so sê"; "doen dit net"
- **Outokraties** (verbale mishandeling) – "my manier of glad nie; "Ek is die leier"; "Jy is net 'n vrou, wat weet jy?"
- Mishandelend – Fisiese mishandeling

Woede

Mark. 10:42,43: 42 Maar Jesus het hulle na Hom geroep en vir hulle gesê: Julle weet dat die wat gereken word as owerstes van die nasies, **oor hulle heers**, en dat hulle groot manne oor hulle **gesag uitoefen**;
43 maar so moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees.

Die hoofskap lei nie tot "**baasspeel oor"** of "**uitvoering van outoriteit"** oor sy vrou nie, maar **"met begrip"** en deur **eer** te gee.

Deur "baas te speel", misbruik jy jou **persoonlike mag**. Jy gebruik jou **stem**, jou **grootte**, jou **krag**, beduie **met jou hande**, ens. om **teen** jou vrou te kom om te **beheer**, **domineer** en **intimideer**.

Jy kan nie jou rang gebruik om haar te dwing om na jou te luister nie: "Ek is die man hier rond ...."



Om outoriteit te beoefen, misbruik jy jou **persoonlike posisie.**

Jy moet **voor jou vrou staan, sorg** vir haar, vooruit beplan om vir haar te voorsien en dan sal sy **reageer** deur jou te wil **volg** omdat jy **vir** haar is. Daar sal dan **geen** ruimte wees vir beheer, dominering of intimidering nie, in Jesus Naam!

EER

*1 Pet. 3:7: 7 Net so moet julle, **manne, verstandig met hulle saamlewe** en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is - sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.*

Die hoof lei, nie deur "baas te speel oor" of "outoriteit uit te oefen" oor sy vrou nie, maar **met begrip en deur eer te gee.**

Om eer te gee beteken om haar te waardeer deur **porsies kosbaarheid.**

Jy moet 'n studie maak om haar te leer ken – laat jou vingers oor haar siel streel.

Worstel jy ooit daarmee om jou vrou jou eerste begeerte te maak? Dit kan wees dat jou begeertes jou wegtrek van jou gesin, i.p.v. jou nader aan hulle te bring. Jy kan nou begin om die begeertes van jou hart in jou vrou se rigting te stuur. Dit mag dissipline en opoffering kos, maar kort voor lank sal jy die beloning oes van om "goed belê" te wees in jou gesin.

God het jou die hoof van die gesin gemaak, nie die hoof van die wêreld nie!

*Efes. 5:25-29: 25 **Manne**, julle moet jul eie **vroue liefhê**, soos Christus ook die gemeente liefgehad en **Homself** daarvoor **oorgegee** het*
26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,
*27 sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, **verheerlik**, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.*
*28 So behoort die **mans** hul eie vroue **lief** te hê soos hul eie liggame. Wie sy **eie vrou liefhet**, het homself lief;*
*29 want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy **voed** en **koester** dit, net soos die Here die gemeente.*

Die hoof onderwerp aan God se **primêre oproep** om sy vrou se hoof te wees, en wy homself toe aan haar – bo kinders, vriende skepping, bediening of werk.

Wat sou jou vrou sê is die belangrikste ding in jou lewe? Is dit sy of iets anders?

Kan jy dink aan enigiets wat meeding om jou eerste liefde? – 'n stokperdjie, TV, of selfs werk?

Die resultaat van Hoofskap

Die hoof is die geestelike leier wat sy vrou **vertroetel** sodat sy blaamloos, heilig en glorieryk kan word.

Blaamloos beteken sonder fout in **karakter of gedrag.**
Heilig beteken afgeskei van sonde en **toegewy aan God.**
Glorieryk beteken om hoogstaande eer te ontvang en om **stralend pragtig** te wees.

Die gevolg van my hoofskap behoort te lei tot 'n glorieryke, vroulike vrou!!!

Paulus skilder 'n beeld van die vrou as in der waarheid 'n verlenging van die man se liggaam. Dan bied hy die begrip van versigtige bewerking en ontwikkeling van die vrou, om haar met teerheid tot volle blom te bring.

As hoof is jy die sleutel om jou vrou te help om alles te wees wat God van haar verlang. Of jy help haar op hierdie koers, of jy verhinder dit.

Dit is ook interessant om te kyk na die ***Spreuke 31* man**. In verse 23 en 28 word die man uitgebeeld as besig in die openbare en professionele take van sy dag. Sy leierskapstyl het toegelaat dat sy vrou haar vele en verskeie talente tot volle uitdrukking kon bring. Hy was skynbaar **nie bedreig** deur haar sukses nie. In plaas daarvan, het hy haar aangemoedig om haar rol as 'n vrou te vervul, wat sy klaarblyklik baie goed gedoen het!

Is jy in die proses om jou vrou aan te moedig om alles te wees wat sy kan binne haar Godgegewe rol?

Manne, veroorsaak jou leierskap enige weerstand teen jou vrou?

Wat is jou rol in die huwelik?

Beskermer, Voorsiener, Rigting gewer, Probleem-oplosser, Dokter, Priester, Prins.

Dit behoort al hierdie aspekte in te sluit deur die genade van die Here.

Om jou Vrou Lief te Hê



*Efes 5:25, 28, 29, 33: 25 Manne, julle moet jul eie **vroue liefhê**, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself **daarvoor oorgegee** het*
*28 So behoort die **mans** hul **eie vroue lief** te hê soos hul eie liggame. **Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief;***
*29 want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy **voed** en **koester** dit, net soos die Here die gemeente.*
*33 In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy **eie vrou liefhê net soos homself**, en die vrou moet die man **eerbiedig**.*

God het Sy opdrag aan die man gegee om sy vrou **onvoorwaardelik** en **opofferend** lief te hê. Hierdie soort liefde gaan jou baie kos. Dit word nie bepaal deur hoe jy **voel** nie. Dit is 'n besluit wat jy moet neem deur jou hele hart aan jou vrou te gee, ongeag van wat sy doen: "Ek sal jou liefhê" – "**as / omdat**" is verkeerd. Dit is dieselfde liefde wat God aan ons gee. Hy onttrek nie Sy hart van ons nie, selfs wanneer ons Hom teleurstel. Hy sê dat niks ons sal kan skei van Sy liefde nie.

Rom 8:35:
Wie sal ons skei van die liefde van Christus - verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?

Manne is deur God geroep om te kies om sy vrou *onvoorwaardelik*, *opofferend* en *lojaal* lief te hê soos Christus die Kerk liefhet.



God het die vrou gemaak sodat die grootste behoefte in haar lewe **liefde** is. Sy antwoord en reageer op haar man wanneer hy God se opdrag om sy vrou lief te hê, uitvoer. Hy moet haar liefhê **gedurig deur en aktiewelik** sy lewe lank.

Hierdie soort liefde is **agape** liefde, wat gekenmerk word deur 'n **voortdurend van aard** en 'n **alles-omvattende** omvang. Die man se liefde moet uitgedruk word met opregte passie, wat verleng word tot op die emosionele vlak. En omdat Agape liefde standvastig is, het die man dus 'n verantwoordelikheid om die emosionele element van sy liefde te behou aldeur sy getroude lewe. Wanneer ookal hy nie "voel" asof hy haar liefhet nie, is dit sy verantwoordelikheid om daardie gevoel te herstel.

"Voel" jy steeds asof jy verlief is op jou vrou?

Daar is 'n neiging om verwagtinge in te bou in hierdie opdrag om jou vrou lief te hê. Ons dink dat indien ons hierdie opdrag goed uitvoer, gaan ons uiteindelik iets in ruil daarvoor kry. Indien jy harder probeer, sal sy mos ook harder probeer, reg? Nie noodwendig nie.

Indien jou mikpunt is om jou vrou te verander, of om haar sover te kry om aan jou iets in ruil terug te gee, is jy besig om op teleurstelling en frustrasie af te stuur. Jy het nie 'n opdrag om te probeer om 'n sekere reaksie uit haar te kry nie, maar om haar onvoorwaardelik lief te hê.

Is daar iets wat jy van jou vrou verwag in ruil vir jou liefde?

OF

Kyk jy na God om jou behoeftes te vervul terwyl jy Sy opdrag uitvoer om haar lief te hê?

Wanneer jy jou verwagtinge oorgee, baan jy die weg vir God om jy vrou binne Sy tyd te verander.

1 Kor 13:4-8a: 4 Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,
5 handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie,
6 is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.
7 Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.
8 Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë - hulle sal tot niet gaan; of tale - hulle sal ophou; of kennis - dit sal tot niet gaan.

Liefde is beide 'n opdrag en 'n keuse, maar nie 'n onvoorspelbare mag wat ons op sy eie beset nie. Die liefde tussen man en vrou is nie outomaties selfonderhoudend nie; dit moet vernuwe word. Dit wat jy uit jou huwelik kry, is direk verbind tot dit wat jy daar insit.



Hoe groei jou huwelik?

Neem die waarheid van God se ontwerp vir die huwelik as 'n saad, en saai dit in jou huwelik. Jou werk is om getrou aan te hou met plant. God voorsien die watrer en die sonlig. Bietjie vir bietjie begin nuwe spruite opkom uit die grond. Bloeisels verskyn en nie lank daarna nie, sappige vrugte.

Is jy op die randjie van hongersnood?

Kan jy glo dat dit moontlik is om jou vrou altyd lief te hê, en haar voortdurend te voed en te vertroetel? Indien nie, sal jou gedrag nooit werklik beweeg in die rigting van daardie doel nie. God het dit gesê. Die vraag is nie "kan jy" nie, maar "sal jy". Nou is dit die tyd om in geloof te reageer, te glo in Sy Woord en om Sy opdragte uit te voer. **Liefde is nie alleen 'n gevoel of 'n emosie nie, maar ook 'n geestelike dissipline.**

Om lief te hê soos God van die man vra, moet hy homself dissiplineer, en sy onbehoorlike gevoelens en emosies verloën. Op die lang duur lei dit tot sterker gevoelens van liefde vir beide man en vrou.

Hoe "voel" jy oor jou vrou? Het jy al ooit gevoel asof jy haar nie meer liefhet nie? Het jy al ooit skuldig gevoel omdat jy nie groter emosionele liefde het nie?

Liefde is 'n keuse. Selfs as jy voel dat jy "niks meer oor het" nie, kan jy steeds kies om lief te hê. Indien jy dit nie doen nie, is dit sonde. Maar wanneer jy dit doen, is die gevoelens van liefde nie ver agter nie.

"When the loving gets tough, the tough gets loving".

God belowe om jou die krag te gee om Sy opdragte te gehoorsaam te alle tye.

GEBED:

Man:

Vader, ek kies vandag om my daaraan toe te wy om U lief te hê bo alles en met my hele hart. Ek verstaan nou hoe belangrik my liefde is vir my vrou en _____(vrou se naam), belowe ek om jou met lojaliteit lief te hê en nooit my liefde van jou te onttrek nie. Ek is jou toegewyde man en wy my nou daaraan toe om jou te versadig en te vertroetel as my geliefde vrou tot die dood ons skei.
In Jesus Naam, Amen.

Vrou:

Ek ontvang jou liefde en koester dit bo alle ander. Ook ek belowe my lojaliteit aan jou en wy my nou daaraan toe om die vrou te word wat jy wonderlik en maklik sal vind om lief te hê deur God se genade en guns.
In Jesus Naam, Amen.

Bitterheid en die belangrikheid om dit te laat gaan:

Kol 3:19: "19 ***Manne****, julle moet jul* ***vroue liefhê*** *en nie teen hulle* ***verbitter*** *word nie."*

Bitter beteken om **skerp**, **snydend** en **hard** te wees. Dit sluit in 'n onvriendelike stemtoon, 'n afbrekende manier, aftakeling, beheer en ontneming van mag.

Bitter in Grieks beteken "**pikrias**" – **snydend**, **prikkelend** en **deurstekend**. Dit kommunikeer duidelik die sensasies van **marteling**, en dit is wat jy aan jou geliefde doen wanneer jy weier om jou maat te vergewe. Jy sal inderdaag ly deur jou eie keuse totdat jy besluit om te volle en algeheel alle onreg aan jou gedoen, te vergewe.

Manne, **laat gaan** jou emosionele padblokkade en "gee" jou hart aan jou maat.

Agape liefde kan nie in dieselfde hart groei wat vol is van negatiewe gesindhede en slegte gevoelens nie – woede, bitterheid, minagting, trots, hopeloosheid en vyandigheid. **Onvergifnis** in enige vorm teenoor jou vrou (insluitende die selfbeskermende skild van wantroue), sal die doodskoot vir liefde wees. Indien jy kies om te bly klou aan jou slegte gevoelens, sal dit jou huweliksverhouding lamslaan en terselfdertyd sal dit die tol eis van jou fisieke gesondheid en emosionele welstand.

Onthou:
Jy hoef nie deur jou gevoelens beheer te word nie.
Jy is nie die hulpelose gevangene van jou verlede nie.

"Ek wil graag my vrou vergewe, maar ek kan nie verander hoe ek voel nie. Ek kan nie die verlede verander nie."

Dit is 'n verklaring tot **slawerny** – slaaf van eie gevoelens, as gevangenes van gebeure wat in die verlede gebeur het. **Onthou: Jy is in beheer van jou gedrag**. Dit is bewys en 'n feit dat gevoelens verander wanneer gedrag verander. God vra nie eens van jou om jou gevoelens te verander nie. Hy vertel ons hoe Hy wil hê ons moet optree en dink. God vra nie van jou om 'n **gevoel** of vergifnis te probeer opwerk nie, maar Hy vra jou om 'n **keuse** te maak (maak nie saak hoe jy voel nie), om te vergewe.

Vergifnis sluit drie stappe in:

1) **Gebruik jou vrye wil om die keuse te maak om te vergewe**. Geen haat kan jou gevange hou wanneer jy vryheid kies nie. Geen negatiewe gesindheid kan jou domineer wanneer jy kies om dit te laat gaan as 'n daad van gehoorsaamheid aan die Here Jesus Christus nie. Sy liefde oorskadu bloot eenvoudig ou griewe. Dit is soos om die blinding op te trek en die venster van 'n donker kamer oop te maak. Die sonskyn spoel in en dring elke donker hoekie binne.

2) **Om doelbewus op te tree op die regte manier soos die Here wys in Sy Woord.**

Efes 4:31,32: 31 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. 32 Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.

In hierdie skrifgedeelte wys God die proses van eers **te kies** om die negatiewe gesindhede weg te sit, dan **positiewe gesindhede** aan te neem en op te tree op positiewe maniere. "Wees **goedhartig**, **saghartig**, **vergewensgesind**."

Moet nooit die verlede teen jou maat hou nie. Moet nooit weer daaroor praat nie – nie met jou maat of iemand anders nie. Moenie toelaat dat jou gedagtes daaroor broei nie. Wanneer ware vergifnis plaasvind, sal jou gedrag verander. Dit **moet** verander. Om te vergewe, is om vir altyd afskeid te neem van die pyn van die verlede en ontslae te wees van die effekte daarvan in die hede.

3) **Vertrou Hom om Sy deel te doen om jou verstand te vernuwe** en aan jou nuwe, hervormde gesindhede te gee. Vergeet die verlede en beweeg in die toekoms in. Die Christelike lewe is so ontwerp dat ons altyd kan begin net daar waar ons is om 'n nuwe lewe te begin / 'n nuwe begin – God se manier.

Klaagl 3: 22, 23: dit is die goedertierenhede van die HERE dat ons nie omgekom het nie, want sy barmhartighede het geen einde nie;hulle is elke môre nuut; u trou is groot.

Stappe van Restitusie:

Jy moet die inisiatief neem en vergifnis soek. Wys deur jou woorde, dade en gesindhede dat jy bewus is van jou verkeerde dade en dat jy dit graag wil regmaak. Moet nooit die woord "as" gebruik wanneer jy met jou maat oor die saak praat nie. Erken bloot jou verkeerdhede en vra vergifnis. Dit beteken meer as om te sê: "As ek jou op een of ander manier seergemaak het, is ek jammer". Wees versigtig om nie enige blaam vir die probleem op jou maat te projekteer nie. Om jou maat te laat skuldig voel, is een van die slegste dinge wat jy kan doen as jy die liefde in jou huwelik wil herstel. Indien jou maat nie onmiddellik reageer nie, gaan voort om jou voortdurende liefdevolle gedrag te toon – dat jy daaraan toegewy is om jou maat lief te hê vir die res van jou lewe.

Om haar hart terug te wen:

Jou vrou mag dalk opreg kies om jou te volg, maar indien jy nie 'n rekord van **getrouheid** het nie, sal dit vir haar moeilik wees om haar hart daarin te sit. Dit mag dalk vir haar moontlik wees om jou **meganies** te volg. Maar die uiteindelike doelwit van die man is dat sy vrou **vreugde** onder sy hoofskap moet ervaar. Dit mag dalk tyd neem. Veral as sy in die steek gelaat gevoel het in die verlede.

Volg jou vrou jou uit plig, of met vreugde?

Indien jy eerlik is, sal jy erken dat daar bietjie moet gewerk word aan jou **rekord van getrouheid** om dit te verbeter. Deel met haar dat jy begeer om te verbeter. **"Hoof**" is 'n posisie deur God daargestel. **Invloed** egter, is 'n **voorreg** wat deur die mens verdien moet word. **Wanneer dit maklik is om te vertrou, is dit maklik om te volg.**

Werk daaraan om weer haar vertroue te wen sodat jy weer haar hart kan terugwen.

DIE ROL VAN DIE VROU

Die Rol van Vrou/Helper



*Gen. 2:18,20: 18 Ook het die HERE God gesê: **Dit is nie goed** dat die mens **alleen** is nie. Ek sal vir hom 'n **hulp** maak wat by hom **pas**.*
*20 So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het hy geen **hulp** gevind wat by hom **pas** nie.*

*Gen. 1:27,28: 27 En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; **man en vrou** het Hy **hulle** geskape.*
*28 En God het **hulle geseën**, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.*

Bybelse betekenis van "Helper"

1. Iemand wat **assisteer**
2. Iemand wat **bemoedig**
3. Iemand wat **ondersteun**

Die **helper** van die man is die **vrou**, want dit is deur **God so ontwerp.**

1 Kor. 11:8,9: 8 Want die man is nie uit die vrou nie, maar die vrou uit die man.
*9 Want die **man** is ook nie **ter wille** van die **vrou** geskape nie, maar die **vrou ter wille van die man**.*

'n Vrou het baie verpligtinge maar haar eerste roeping bly: **helper** vir haar man.
Haar man moet haar **eerste prioriteit wees.**

" 'n Helper **vergelykbaar** met hom"
Ons het **verskillende rolle,** maar ons besit **gelyke status** – Hy het **hulle** ewe veel **"geseën".**

God self het die rol van Helper gekies. Dames, ons is in 'n spesiale kategorie!

Helper is nie dieselfde as slaaf nie! Vroue is nie geskape om mans te bedien nie. Daar is 'n **Groot** verskil tussen **bedien** en **help.** Om 'n vrou te wees, beteken nie om 'n helper vir alle mans te wees nie.

1 Kor. 11:11: En tog, in die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie.

God het nie die man en vrou ontwerp bloot om mekaar te **ondersteun** nie, maar om mekaar **af te rond.**

Die huwelik is nie 'n wedersydse ooreenkoms waarin twee mense sekere voordele van mekaar kan trek nie (talente, vermoëns, ens.)

Vroue, maak dit jul voortdurende passie in die lewe om die **perfekte komplimentering** vir jou man te wees. **Of 'n man dit besef of nie, hy kan dalk nooit sy volle potensiaal bereik sonder jou hulp nie.**

Indien jou man slegs die helfte is waarvan jy altyd gedroom het, hou jy dalk die ander helfte vas?

WENK: Moenie probeer om jou man te verander nie. Moenie fokus op wat hy behoort/nie behoort te doen nie. Dit is God se werk – **NIE** joune nie. Maak jou man gelukkig, God sal hom heilig maak. Fokus daarop om sy helper te wees. Plaas jou **energie** in prioriteits-volgorde om jou man te help. Ondersteun, bemoedig en **glo** in wat ookal God besig is om te doen in sy lewe. Skat hom na waarde as 'n man.

Jy help nie jou man nie, jy help God om hom te help!

Die resultaat:

*Spr. 31:28: 28 Haar seuns tree op en noem haar **gelukkig**, haar man ook, en hy **prys haar**:*

Die vrou maak haar man se lewe 'n sukses deur haar stabiliteit, vermoë en sensitiewe "maatwees" – nou kan hy opstaan en in die publiek aan haar lof toebring!

Tuisteskepper

*Titus 2:4,5: 4 sodat hulle die jong vroue kan **leer** om versigtig te wees, hulle **mans en kinders lief te hê,***
*5 **ingetoë** te wees, **kuis**, **huislik**, **goed**, aan hul eie mans **onderdanig**, sodat die woord van God nie belaster word nie.*

Die huis is die verlenging van die **vrou** se rol. Die huis is haar **werkplek.** Sy spandeer die meeste van haar tyd en energie daar, selfs al werk sy in die ope mark.

In **Genesis** vertel God aan die **man** dat hy die **voorsiener** is. In **Titus** vertel Hy die **vrou** dat sy die **behouer of bewaker van die huis is.**

- Die Helper **bestuur** haar huis.

*Spr. 31:15: 15 En sy staan op as dit nog nag is en gee voedsel aan haar huisgesin en die **bestemde deel aan haar diensmeisies**.*

- Die Helper **bring wins voort**.

*Spr. 31:16: 16 Sy dink na oor 'n stuk grond en **koop** dit, van die vrug van haar hande **plant sy 'n wingerd.***

- Die Helper steek haar **hand na die armes uit**.

Spr. 31:20: 20 Sy brei haar handpalm uit na die ellendige, en sy steek haar hande uit na die behoeftige.

- Tuisteskepper

*1 Tim. 5:14: 14 Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar, hulle **huise regeer** en die teëparty geen aanleiding gee om kwaad te spreek nie.*

"Huise regeer" – sy is die opsiener van die huis.
[bestuur – Grieks – "despoot" – opsiener]

- Die Helper bestuur die huis aktief onder haar man se outoriteit.

*Spr. 31:26,27: 26 Haar **mond** maak sy **oop met wysheid**, **en vriendelike onderrigting** is Op haar tong.*
*27 **Opmerksaam** gaan sy die werksaamhede van haar huis na, en die brood van luiheid eet sy nie.*

*Spr. 31:11,12: 11 **Die hart van haar man vertrou op haar**, en **aan wins sal dit hom nie ontbreek nie.***
*12 Sy doen aan hom **goed**, en nie kwaad nie, al die dae van haar lewe.*

*Spr. 31:28,29: 28 Haar **seuns** tree op en **noem haar gelukkig**, haar man ook, en hy **prys haar**:*
29 Baie dogters het hulle knap gedra, maar jy oortref hulle almal.

Spr. 31:22-24: 22 Sy maak vir haarself dekens, haar tabberd is van fyn linne en purper.
*23 Haar man is **bekend in die poorte** as hy saam met die oudstes van die land sit.*
24 Sy maak hemde en verkoop dit, en gordels lewer sy aan die handelaars.

Ons as vroue behoort ons lewens so te "belê" dat ons mans bekend sal word **in die poorte** van outoriteit – enige posisie van leierskap – kerk, werk, gemeenskap, ens.

Gebed:

Vroue:

Hemelse Vader, ek kies vandag om te reageer op U oproep op my lewe om my man se helper te wees. Ek vra U vergifnis vir die tye waarin ek U, sowel as my man gefaal het toe ek nie die helper was wat U van my verwag het nie. Ek vra vir U genade en guns as ek nou belowe om 'n aktiewe helper te wees wie my man sal dien met al my vermoëns en met my hele hart.

Mans:

Hemelse Vader, ek wy myself vandag aan U en my vrou toe – dat ek sal reageer op U oproep op my lewe om haar te eer as my helper. Ek vra U vergifnis vir die tye wat ek van haar misbruik gemaak het as my vrou en nie my opregte waardering teenoor haar uitgespreek het oor hoe sy ons huis bestuur nie.
_____ (haar naam), vergewe my asseblief in Jesus Naam. Here, ek vra vir U guns en genade terwyl ek nou belowe om my lewe in meer volheid met haar te deel sodat ons die "wedloop kan hardloop" as 'n wonderlike span.
AMEN

WENK:

Efes. 5:33: 33 In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy ***eie vrou liefhê*** *net* ***soos homself****, en die* ***vrou*** *moet die man* ***eerbiedig****.*

Kommunikeer **respek en bewondering** na jou man. Moet NOOIT in die openbaar kritiseer of afbreek in die privaatheid nie. **Komplimenteer** hom in die openbaar en **bou** hom op in privaatheid.

Kol. 3:23:
23 En wat julle ook al doen, ***doen*** *dit* ***van harte soos vir die Here*** *en nie vir mense nie,*

Verheug jou gereeld daarin dat God jou geroep het om jou man se helper te wees – en terwyl jy help, "doen dit van harte asof vir die Here en nie vir mense nie". Voel dit dalk net na alles werk en geen beloning nie? Skep moed! God sien alles wat ons doen, en wanneer jy Hom dien, **sal** Hy jou beloon. Hy waarborg 'n **regverdige** beloning!

Lukas 12:34:
34 Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.

Indien jy van jouself belê in 'n sekere aktiwiteit, sal jy sekerlik 'n deel van jou hart daarin stort. Aktiwiteite daarbuite kan jou wegtrek van jou rol as Helper. Hoe meer "skatte" jy bêre vir jou man, hoe meer sal jou hart neig tot hom.

Lukas 10:41,42: 41 Maar Jesus antwoord en sê vir haar: Martha, Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge;
42 maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie.

Martha het haarself besig gehou met die **wat** van gasvryheid. Maria het haarself besig gehou met die **Wie**. Dit is maklik om ons sukses te meet aan ons **"wat om nog te doen"** lysie. Koskook, skoonmaak, wasgoed, inkopies – dis alles belangrik, **MAAR** moet nooit uit die oog verloor **waarom** ons dinge doen nie. **MOENIE "DIE LYSIE" DIEN** i.p.v. jou man, kinders en bo alles, God nie!

Moenie jou daaraan skuldig maak dat jy jouself dien met al hierdie werkies nie – deur bevrediging te kry deur die klaarmaak van sekere werke, vrede in die gemoed omdat alles onder beheer is en "op datum" is, my vroulike plig is om hard te werk, ens. nie.

Jou man het JOU nodig! - net om mee te gesels, saam te wandel, jou te geniet!!

Die Groot "O" Woord

*Kol 3:18: VROUE, wees julle mans **onderdanig** soos dit **betaamlik is in die Here**.*



*Efes 5:22-24: 22 VROUE, wees aan julle eie mans **onderdanig, soos aan die Here.***
23 Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam.
24 Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees.

*Efes 5:33: 33 In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die **vrou moet die man eerbiedig**.*

'Onderwerp' – Grieks – "Hupotasso"
"Tasso = rangskik
"Hupo" = outoriteit

Onderwerping beteken:

- Om te rangskik onder die outoriteit

*Rom 13:1: 1 LAAT elke mens hom **onderwerp** aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is **deur God ingestel**,*

- Om die outoriteit te respekteer
- Om die outoriteit te gehoorsaam

As Helper, moet die vrou haarself vrywilliglik onderwerp aan haar man, deur met respek alle areas van haar lewe onder sy hoofskap te plaas.

Wanneer ons 'n tree weg van God se ontwerp vir verhoudings gee, neem ons 'n stap nader aan konflik

Rom 13:1,2: 1 LAAT elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, 2 sodat hy wat hom **teen die mag versit**, die **instelling van God weerstaan**; en die wat dit weerstaan, sal hulle **oordeel ontvang**.

Indien jy graag jou man in die "bestuurders-sitplek" wil sien, maar eers seker dat dit nie alreeds beset is nie!

Tipes van Onderwerping:

*Efes 5:21: en **aan mekaar** onderdanig is in die vrees van God.*

1.

*Efes 5:22,23: 22 **VROUE**, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.*
23 Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam.

2.

*Efes 6:1-4: 1 **KINDERS**, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.*
2 Eer jou vader en jou moeder - dit is die eerste gebod met 'n belofte -
3 sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.
4 En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.

3.

***Efes 6:5-9:** 5 **Diensknegte**, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;*
6 nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen
7 en met goedwilligheid die Here dien en nie mense nie,
8 omdat julle weet dat elkeen vir die goeie wat hy doen, loon van die Here sal ontvang, of hy 'n slaaf is of 'n vryman.
9 En here, doen dieselfde teenoor hulle en laat staan die dreigemente, omdat julle weet dat ook julle eie Here in die hemele is en by Hom geen aanneming van die persoon is nie.

1. Vroue aan Mans
2. Kinders aan Ouers
3. Werknemers aan Werkgewers

MANNE BEHOORT TE **LEI EN LIEF TE Hê.**
VROUE BEHOORT TE **ONDERWERP EN TE VOLG.**

*Kol 3:18: VROUE, wees aan julle mans onderdanig soos dit **betaamlik is in die Here**.*

"**Betaamlik in die Here**" beskryf die vrou se **plig.**

Efes 5:22: 22 VROUE, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.

"**Soos aan die Here**" beskryf haar **ingesteldheid.**

Onderwerp aan die Here deur te onderwerp aan jou man.

*Efes 5:24: 24 Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook **in alles** aan hul eie mans wees.*

Onderwerp aan jou man in **alles**

MAAR ONTHOU

Onderworpenheid sluit nie die **immorele** in nie – Moenie die Wet van God verbreek nie. (bv. "Kinky sex", bloufilms, ens.)
Onderworpenheid sluit nie die **onwettige** in nie – Moenie die Wet van die land verbreek nie. (bv. lieg, bedrog, belasting, smokkel)

Indien jou man ongehoorsaam is of as hy nie 'n gelowige is nie, moet jy jou steeds onderwerp. (1Pet 3:1-4)
Dus, onderworpenheid mag insluit dat die hart kan breek, maar nie **lewensbedreigend nie.**
Wanneer jy worstel om jou man te vertrou, kan jy altyd vir God vertrou.
Onderworpenheid behoort die deel van **gedagtes en gevoelens** in te sluit.
Onderworpenheid is nie wat jy **doen** nie, maar wat jy **is** (ingesteldheid van die hart).



Die Onderworpenheid Skaal

1. **Wraakgierig** – laat 'n man betaal
2. **Gegriefd** – grief die persoon self
3. **Afstand doen** – "Ek sal dit net moet doen!"
4. **Respekvol** – "Middel C"
5. **Reaktief** – Emosioneel
6. **Weerstandig** – staan jou teë maar doen dit steeds (stadig!)
7. **Rebels** – Woede, aggressie: "Ek sal nie!"

*1 Pet 3:1-4: 1 NET so moet julle, vroue, aan jul eie **mans onderdanig** wees, sodat, as sommige aan die **woord ongehoorsaam** is, hulle ook deur die **wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word***
*2 as hulle jul **reine, godvresende wandel** aanskou het.*
3 Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie,
*4 maar die **verborge mens van die hart** in die **onverganklike versiering** van 'n sagmoedige en stille gees, wat **baie kosbaar** is voor God.*

Onderwerp jou aan jou man met ingesteldhede en aksies van ware **respek,** d.i. behandel hom met **eer**, maak nie saak wat sy **gedrag** of **karakter** weerspieël nie.
" 'n Sagmoedige gees en 'n stille gees" kan slegs verkry word indien ek handel met **woede en vrees** uit my verlede en huidige verhoudings. "**Kosbaar in die oë van die Here**" is wanneer ek **God ten volle en genoeg vertrou** om presies te doen soos Hy sê in Sy Woord! Ek moet met al my diep onsekuriteite vanaf my **kinderdae** in verhouding met my **aardse vader deel**. (Pappa-liefde lering)

Onderworpenheid sal jou help om die verhouding met jou man te versterk, en nie bloot jul geskille op te los nie.

Onderworpenheid is die uiterste uitdrukking van hulp.

Gebed:

Vrou:
Hemelse Vader, ek onderneem om my aan U te onderwerp deur alle dele van my lewe te rangskik onder my man as hoof van ons huwelik. Ek vra vir U genade en guns terwyl ek belowe om aan hom te onderwerp "in alles" en "asof aan die Here".
_____(man se naam), ek onderneem om my aan jou te onderwerp met 'n vreugdevolle ingesteldheid van ware respek as my hoof, selfs al sal ek nie altyd met jou saamstem nie. Ek kies om God se roeping op my lewe te vervul deur jou onderworpe helper te wees.
Help my, Here! In Jesus Naam, Amen.

Man:
Hemelse Vader, ek vra vir U genade en guns as ek onderneem om die soort van man te word waartoe U my geroep het.
_____ (vrou se naam), jy weet hoe belangrik dit vir my is dat jy my ondersteun en in my glo as jou man. Ek vra U, Vader, om my te help om sensitief te wees vir my vrou se behoeftes en beskikbaar vir haar wense.
In Jesus Naam, Amen.

INTIMITEIT

Fisieke Intimiteit



Beide partye in 'n huwelik begeer en benodig fisieke intimiteit, wat insluit beide seksuele intimiteit en nie-seksuele aanraking. Gewoonlik wil die man meer seks hê, terwyl die vrou meer aanraking verlang. Aanraking is een van God se sterkste kragte. Aanraking verander **potensiële liefde** na **werklike liefde. Aanraking stel krag vry**. Dit is soos om oorleikabels te neem en 'n lewende battery aan 'n dooie te koppel. Wanneer ons aanraak, vind daar 'n oordraging van energie van een persoon na die ander plaas.

Die Gawe van Seksuele Intimiteit

Seksuele plesier is 'n pragtige geskenk van God aan getroude pare. Skriftuurlik gesien, is seks goed! Seksuele intimiteit behoort die grootste vreugde, plesier, eenheid en geluk in 'n menslike lewe te bring.

Tog spandeer baie paartjies 'n leeftyd van worsteling in hierdie area. Seks in die nommer een ding waarvan die man meer sou wou hê. 'n Man se seksdrang is een van sy sterkste drange, veral wanneer dit nie bevredig word nie. Seks is die enigste ding wat Koning Dawid in die skande gebring het. Meeste mans vind dit moeilik om beheer uit te oefen oor seksuele prikkeling. Mans word meer gemotiveer deur seks as hul vroue. Oor die algemeen, is dit bloot nie so 'n sterk drang in vroue nie.

'n Man wil graag en benodig ook 'n aktiewe romantiese lewe. 'n Man benodig fisiese liefde op dieselfde wyse as wat 'n vrou emosionele liefde nodig het. 'n Man benodig seksuele bevrediging op dieselfde wyse as wat 'n vrou alledaagse bewyse van teerheid nodig het.

Hoe is hy bedraad vir seks?

Mans en vroue kom na die huweliksbed met totaal verskillende begrippe en verwagtinge. Die man sien seks op dieselfde wyse as waarna hy na alles in die lewe kyk. Dit is 'n **projek.** Hy is 'n man met 'n **missie!** Vir hom, is seks skielik, dis impulsief, dis intens, rou, vinnig, vurig en dis oor! Seksuele opwekking en begeerte in 'n man is feitlik enigiets – dis visueel, oombliklik en algeheel.

Hoe is sy bedraad vir seks?

Vir vroue is seksuele begeerte 'n by-produk van baie klein teerhede wat deur die week aan haar gedoen is. By haar borrel begeerte op vanuit die dieptes van intieme gesprekke en om te deel met haar liefdevolle eggenoot. Dit is 'n reaksie op die nie-seksuele aanraking wat hy in haar belê gedurende die week. Vir vroue is seksuele begeerte stadig, oordenkend, verdien. Seksuele opwekking is 'n keuse wat sy maak gebaseer op 'n reaksie tot die emosionele liefde wat sy van hom ontvang. Sy sien seks op dieselfde wyse as wat sy alles anders sien. Dit is 'n **verhouding.**

Hy sê, "Kom ons maak liefde, en dan kan ons gesels!"
Sy sê, "Nee, nee, nee ... laat ons tyd spandeer om van mekaar te drink, leer mekaar werklik ken, en dan maak ons liefde om dit te vier!"

Die verskil? Sy soek 'n sielsmaat; hy soek 'n minnaar. Ons het nodig om te kommunikeer oor mekaar se seksprioriteite. Wat is jou seksuele wense en behoeftes?

Praktiese Wenke

Raak mekaar verskeie kere gedurende die dag aan deur te soen, drukkies, vashou, kloppies, hande vashou en naby mekaar sit. Ons moet mekaar aanmoedig met liefderyke voor-voorspel – bewonderende kyke, 'n glimlag/knipoog vanaf die anderkant van die vertrek, ens.

Beplan met tyd in die ontwikkeling van nabyheid in seks – plaas **spesiale tye** eenkant daarvoor. Sluit jou kamerdeur en los die wêreld buite. Maak seker die kinders is versorg om enige onderbrekings te verhoed. Julle behoort in staat te wees om ten volle op mekaar te konsentreer in 'n ontspanne, aangename en **romantiese** atmosfeer. Man, jou vrou benodig 'n romantiese voorspel tot die seksuele daad. Jy mag dalk nie begryp hoe baie jou vrou hierna verlang of wat dit vir haar beteken nie. Vroue moet emosioneel sowel as fisiek geprikkel word. Hulle geniet nabyheid en die intimiteit van seks; **tere** aanraking en **algehele** streling van die liggaam wat gedoen word op 'n **betekenisvolle** wyse, nie meganies nie. Sy wil ervaar dat haar man haar hele liggaam waardeer, en nie net die voorsiening van 'n bors of geslagsdeel ten einde 'n vinnige prikkeling te verkry nie.

Die fisieke kant van liefde berus op die menslike behoefte vir nabye persoonlike kontak, veral die behoefte om aangeraak te word op 'n wyse wat warmte, teerheid, sagtheid en omgee weerspieël. Mans het hierdie behoefte aan warmte en toegeneentheid bykomend by seksuele bevrediging, maar hulle is baie minder geneig as vroue om dit te erken of hulle is selfs nie bewus daarvan nie.

Vir **maksimum** genieting van seksuele vrylating, behoort mans te weet dat hulle ongeveer **twintig minute** van seksuele prikkeling vooraf moet hê. Ons noem 'n **orgasme** 'n **klimaks** en dit is presies wat dit behoort te wees: die hoogste punt van belang en opgewondenheid in 'n reeks van gebeure. Hoe bereik ons die hoogste punt? Deur op te klim soontoe. **Klimaks** is 'n Griekse woord wat beteken "leer". Jy beweeg tot 'n klimaks deur 'n **stadige, progressiewe opbou** met die gevolg van wanneer die hoogste punt bereik word, 'n skielike opwindende vrylating – iets soos 'n "roller coaster" rit – 'n lang, stadige klim en dan die opwindende val na benede vanaf die hoogste punt. Neem tyd om begeerte op te bou. **Neem tyd** om fisieke nabyheid en sensualiteit te geniet. **Neem tyd** om mekaar te liefkoos met woorde.

Wanneer paartjies daarna streef om 'n orgasme te bereik sonder om aandag te skenk aan die genieting van hul tyd saam, word seks 'n **werk**, i.p.v. 'n plesier. Onthou, orgasme duur slegs vir 'n paar sekondes. Emosionele satisfaksie en bevrediging vind plaas gedurende die hele gebeurtenis.

Tegnieke deur vroue deurgegee as hindernisse tot hul genieting van seks:

- Die man se stimulasie van sy vrou gedurende die voorspel is meganies i.p.v. spontaan
- Die man is meer geinteresseerd in die beoefening van 'n volmaakte fisieke tegniek as om 'n emosionele intimiteit te bekom.
- Die man is oor angstig dat sy vrou 'n orgasme moet bereik, omdat dit op sy sukses as minnaar reflekteer, i.p.v. om haar bloot te plesier en vreugde te bied of dit nou uitloop op 'n orgasme of nie.
- Die man is herhalend en vervelig in sy aanslag.
- Die man is nie sensitief vir haar voorkeure nie.
- Die man is te ernstig oor seks.

Seks behoort pret te wees – kreatief vir man en vrou soos beplan deur die Skepper.

Die man begeer grootliks 'n reaksie van sy vrou. Sy kan aan hom hierdie pragtige geskenk en vreugde van sy hart bied. Baie vroue verstaan nie hoe belangrik, beide fisiek en sielkundig, die seksuele verhouding vir hul mans is nie. Hulle blyk nie te verstaan en besef dat hul **vermyding van seks** of hul **gebrek aan reaksie** hul totale huwelik gaan affekteer op die **mees negatiewe wyse** nie.

WAARSKUWING: Wanneer daar geen fisieke intimiteit tussen jou en jou man is nie, sal watter emosionele en geestelike nabyheid daar ookal tussen julle was, ook vervaag.

Ons praat nie van 'n wilde, passievolle reaksie nie, maar slegs 'n **positiewe reaksie**. Dit kan **teer**, **eenvoudig** en **liefdevol** wees. 'n Vrou behoort haar man met ope arms te ontvang en 'n **warm verwelkoming** te gee. 'n Gebrek aan reaksie beteken dat jy die persoon wat op een of ander manier na jou toe uitreik, **ignoreer**, en daar is geen slegter behandeling om iemand te gee wie vir jou omgee nie. **Onverskilligheid is die vyand van liefde.**

Sommige interessante studies is gedoen om vas te stel watter emosionele faktore onderliggend is wat 'n maat se reaksie verhinder. 'n Primêre bevinding dui aan dat mislukking in vroue om 'n orgasme te bereik, gekoppel is aan haar gevoel aangaande die afhanklikheid van haar verhouding met haar man. M.a.w., die vrou wat 'n hoë persentasie van orgasmes ondervind, voel sy kan haar man vertrou; die lae persentasie groep vrees dat haar man haar in die steek sal laat. Sy kan nie ontspan en haarself laat gaan in sy arms nie.

Manne, die antwoord op jou verlange na jou vrou is om seksueel reagerend te word: jy moet haar die absolute sekuriteit van jou liefde gee in die konteks van permanente toewyding.

Vroue, het jou jou seksuele verhouding in die verlede misbruik? Het jy seks gebruik as 'n werktuig van manipulasie of as 'n wapen? Het jy fisieke gunste weerhou om jou man te "straf?" Het jy hom verwerp? Het jy sy seksualiteit mishandel deur vyandigheid of kritiek of spottery?

Jy moet besef dat jou man sielkundig kwesbaar is in die area van seks, net soos hy kwesbaar is vir fisieke besering. Indien jy sy manlikheid beskadig het en deelname gehad het aan die daarstelling van 'n ingesteldheid van mislukking binne hom, sal jy weer van voor af moet begin en hom moet **opbou** met jou **teerheid**, **sensitiwiteit**, **respek** en jou **reaksie**.

Net julle kan dit doen, dames! - sy hart is in jou hande. God sal jou seën wanneer jy jou man seksueel bedien en hom in die posisie plaas wat God vir hom bedoel het om te vul.

Geestelike Intimiteit

In die bou van 'n gesonde huweliksverhouding, is daar verskillende aspekte van intimiteit wat ontwikkel moet word:

- Intellektuele intimiteit
- Emosionele intimiteit
- Sosiale intimiteit
- Fisieke Intimiteit
- Geestelike Intimiteit

Ons gaan fokus op geestelike intimiteit om hierdie studie mee af te sluit. Soos die spreekwoord sê: **'n Gesin wat saam bid, bly saam.**

Geestelike intimiteit vereis nie dat daar oor elke detail ooreenstemmend geglo hoef te word nie. Soos in alle ander gebiede van intimiteit, streef ons daarna om vir mekaar te vertel wat in die eie self aangaan. Wanneer ons gesels oor ons emosies, gedagtes en ervaringe, vertel ons aan die ander persoon iets wat hy nie sou geweet het indien ons nie sou kies om dit te vertel nie. Die proses is baie dieselfde wanneer geestelike intimiteit gebou word. Ons vertel aan die ander persoon ons eie, persoonlike gedagtes, ervarings, gevoelens en vertolking van geestelike dinge. Die doel is nie samestemming nie, maar **begrip.**

Geestelike intimiteit is om sommige van jou gedagtes i.v.m. geestelike dinge met mekaar te bespreek. Dit word verkry nie alleen deur mondelingse kommunikasie nie, maar ook deur ervaring te deel, bv. Om saam kerk toe te gaan, konferensies, aanbiddingsliedere saam te sing, hande vas te hou gedurende gebedstye en wanneer na 'n preek geluister word, ens. Om saam te bid is nog 'n manier van geestelike intimiteit. Daar is 'n paar dinge wat meer persoonlik is as opregte gebed. Twee mense wat saamkom in eerlike gebed sal 'n diepe sin van geestelike intimiteit ervaar. Ons is selde meer kwesbaar as wanneer ons opregte gebede saam bid.

Hoe na aan jou maat voel jy in die geestelike area van jul huwelik? Hoe vry is jy om Goddelike idees uit te druk?

Indien ons nie in hierdie area van ons huwelik ontwikkel nie, sal ons ons huweliks-intimiteit belemmer.

Hemelse Vader,
Ons kom voor U as 'n paartjie in die Naam van Jesus en ons vra U om ons te help om ons harte voor mekaar oop te maak aangaande ons persoonlike verhouding met U. Help ons om te groei in geestelike intimiteit sodat ons vry kan wees om met U te praat in die teenwoordigheid van mekaar sodat ons saam dit kan geniet om in U teenwoordigheid te verkeer.

Pred 4:12: En as iemand die een aanval, kan altwee hom teëstand bied; en 'n driedubbele lyn word nie gou vervreek nie.

Ons vra hierdie soort verhouding van U, Here, in Jesus Naam, Amen.



Die Krag om Petisies te bid.

(Sien lering i.v.m. Petisies, verkrygbaar by Kanaan Bedieninge)

Wat is 'n Petisie?

Die gebruik van petisies is 'n baie effektiewe vorm van gebed en oorlogvoering.

In *1 Tim. 2:1* sien ons dat petisies een van die vele maniere is om te bid. Dit is uiters belangrik dat ons hierdie wapen sal gebruik om die oorvloedslewe wat God ons beloof het, na te streef.

Die Hebreeuse woorde vir petisie is *shelah* of *mishelah*, wat beteken *vra, pleit, leen, 'n saak aanhangig maak, beraadslaag, eis, innig begeer, navraag doen, bid, versoek, petisie* of *wens.*

Wanneer man en vrou saambid, en saam 'n petisie voor God skryf met 'n spesifieke versoek, dan is dit BAIE kragtig en staan as 'n Gebed van samestemming voor die Troon van God. God stuur Sy engele om jul gebed te beantwoord wat julle binne Sy wil gevra het.
Sy wil is om die gesin te seën en voorspoedig te maak.

Jer 29: 11: "Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee."

Ons toewyding om SAAM te Bid

Op hierdie dag _____ ons, _____ en _____, maak 'n verbond saam met God se hulp om die Here elke dag in gebed te soek, vir Sy seëninge op ons huwelik en vir sy genade in hierdie wêreld.

Matt 18: 19: Weer sê ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hullt ten deel val van my Vader wat in die hemele is.

GETEKEN: _____ _____

HUWELIK

Vader, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, U lewende Seun, kom ek voor U troon om vir my huwelik te petisie. Dankie dat, volgens U Woord in *Psalm 20:4* en *1 Joh. 5:5*, U my my petisies sal toestaan.

Vader, in die Naam van Jesus Christus bevestig ek my verbond met U. Ek bevestig ook die verbond tussen my huweliksmaat en myself. Ek verklaar dat my huweliksverbond geseël is deur die Bloed van die Lam en dat Hy alleen waardig is om ooit die seëls te breek.

Ek kom voor U troon om te petisie teen enige vloeke van egskeiding of egbreuk. Ek bid dat U hierdie vloeke sal verbreek en hul sal verander in seëninge. Ek sny my huwelik los van die gees van die dood wat slegs dood en vernietiging in my huwelik wil bring.

Ek petisie teen die gees van Jesebel. Ek verbied haar om enige outoriteit te hê oor my huwelik. In die Naam van Jesus petisie ek voor U troon dat die Bloed van Jesus ons name sal uitwis uit die boek van die hoer van Babilon. Ek verklaar dat ons name geskryf is in die Boek van die Lewe in die Nuwe Jerusalem.

In die teenwoordigheid van U troon, verklaar ek 'n egskeiding met die Beker van Jesebel. Indien ons of ons voorvaders uit haar beker gedrink het, vra ek U nou om ons te reinig – gees, siel en liggaam – van enige gif wat vanuit hierdie beker gekom het. Ek vra dat die Vuur van die Heilige Gees sal kom en die invloed wat hierdie beker oor ons lewens het vernietig.

Ek petisie teen enige huweliks-kontrakte met enige mensgeeste, gestorwe mensgeeste, demone en enige geestelike mans of vroue. Ek verbreek die sielsbande en verklaar 'n egskeiding in die gees. Ek vra die Vuur van die Heilige Gees om enige fisiese of geestelike ringe te vernietig. Ek verklaar *Hosea 2:5-6* oor enige derde persoon wat gestuur mag word teen my huwelik.

Ek petisie teen die Antieke Slang (ancient serpent), betowering, geeste van misleiding en verleiding. Ek kanselleer alle opdragte aan hulle gegee met betrekking tot my huwelik en verklaar hulle nietig in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.
Ek petisie teen enige rituele uitgevoer teen my huwelik. In die Naam van Jesus verbreek ek die mag van die rituele en die seëls daarop geplaas. Dankie Vader, dat U nou al daardie rituele omdraai in die gees.

Ek petisie teen enige vorm van seksuele towery.

Ek petisie teen enige besoedeling van saad. Ek bid dat alle saad wat teen ons getuig in die fisiese of in die geestelike, vernietig sal word deur die Vuur van die Heilige Gees.

Ek petisie teen die god van hierdie wêreld, die gees van hierdie wêreld en die gedagte van hierdie wêreld. Ek kanselleer enige outoriteit gegee aan hierdie gees oor my huwelik en verklaar dat die doelstellings, wil en plan van die Almagtige God, die Vader van Abraham, Isak en Jakob, vervul sal word in my huwelik.

Ek petisie teen enige planne van Abaddon en Baal oor my huwelik. Ek verbreek enige strikke of valle teen ons opgestel in die fisiese of in die geestelike realm en verklaar hulle kragteloos in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

Ek petisie teen enige programmering teen my huwelik in die son, maan, sterre en planete. Ek vra dat U hierdie programme sal vernietig met die Bloed van Jesus Christus van Nasaret.

Vader, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, petisie ek nou voor U troon dat enige van Satan se petisies teen my huwelik nou uitgewerp sal word uit die Hemelse hofsaal. Ek vra dit op grond van die prys wat Jesus betaal het aan die kruis.

Ek petisie teen enige towery, vloek, towerspreuk, dreunsang (chanting), beswering en wit, swart, rooi en groen magie gebruik teen my huwelik.

Ek petisie dat U stem nou sal donder in die hemele met betrekking tot my huwelik; dat U lig en waarheid sal seëvier oor my huwelik. Ek bid dat U stem nou in die hemele sal verklaar dat geeneen van Satan se petisies teen my huwelik toegestaan sal word nie.

Vader, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, verklaar ek nou my huwelik geseël met die Bloed van Jesus. Dankie dat U U seën uitgespreek het oor my huwelik. Vader, in die Naam van Jesus bid ek dat daar liefde, eenheid en vrede sal heers in my huwelik.

Dankie Vader, dat U Heilige Gees die wag hou oor my huwelik.

AMEN.

Geteken: _____ Datum: _____

_____

VERLOENINGSGEBED TEEN DIE JESEBEL-GEES (OPEN. 2:20-23)

PERSOON:

Vader, ek staan vandag namens **myself**, sowel as namens my **voorgeslag**, voor U in die Naam van Jesus Christus. Ek wil skuldig pleit vir die feit dat ek toegelaat het dat die **Jesebel-gees** met haar **5 koorde** deur my gewerk het, of dat ek toegelaat het dat dit oor my heers en ek in die **Agab-gees** beweeg het.

Ek kies om myself onder U Almagtige Hand te **verneder**, sodat U my kan verhoog op die tyd wat U daarvoor bepaal het.

Ek **bely** dat ek deur my leefwyse en optrede die volgende sondes gepleeg het:

- U **ware profete** vernietig / teengestaan het (bv. in jou eggenoot, kind, ander, ens.)
- U outoriteits-strukture vernietig / teengestaan het (bv. ouers, onderwysers, huwelik, regering, ens.)
- My eie **ego** bevredig het.
- Teen die werk van die Heilige Gees **gegaan** of **gestaan** het en die vloei van U Gees verhinder het.
- **Afgodery** (bv. kennis, eie menings, kerk, tradisies, ens.)
- **Heksery** (bv. okkulte, of emosionele manipulering).
- Na die **begeertes van die vlees** gewandel het.
- Die **Agab-gees** in andere laat voortkom het.
- Die **Agab-gees** deur myself laat manifesteer het.
- My **outoriteit** en leierskap **misbruik** het.
- Mense se **woorde** verdraai het (om self goed te lyk).
- **U woorde** verdraai het, selfs in U Naam gespreek het wat U nie werklik gesê het nie.
- **Leiers** teëgegaan het.
- **Vrou**: My **man**, **vader**, **leiers**, **werkgewers** , **ouers**, se **outoriteit** ondergrawe en teëgegaan het en nie U voorskrifte gevolg het betreffende my gesinslede en ondergeskiktes nie.
- **Man**: My **vrou**, gesinslede, ondergeskiktes, ouers, ens. nie behandel het volgens U voorskrifte nie (nie my posisie ingeneem as priester, koning en profeet nie.)
- **Leuens** en **agterbaksheid** / blaam en suspisie op ander geplaas het.
- **Gedomineer**, **geintimideer** en **gemanipuleer** het.
- U Woord nie gehoorsaam het nie.
- **Deur my optrede** ander se moed **gebreek** het om U te volg en te gehoorsaam.
- **Rebellie** in al sy vorme in my lewe!
- **Hardkoppigheid**.
- **Trots**, **arrogansie** en **beterweterigheid**.

- Ander **vals** beskuldig en hul moed gebreek en bitterheid veroorsaak het (bv. huwelik, gesinslede, werknemers, andere).
- **Kritiek**, leuens en afbrekendheid.
- **Begeerte** na **materiële welstand** my beïnvloed het om myself en ander in probleme te beland en U Heilige Gees se waarskuwings te verontagsaam.
- **Seksuele immoraliteit** in al sy vorme.
- **Manipulasie deur seks**.
- Dat ek hierdie gees op my kinders en nageslag oorgedra het.
- Dat ek ander met **vrees** probeer **intimideer** het.
- Dat ek **tradisie** gehoorsaam en gevolg het, i.p.v. **openbaringskennis**.
- Dat ek die **wet** gevolg en toegepas het, i.p.v. die Heilige Gees.
- Ander in gevangeneskap gebring het (bv. verhoudinge, huwelik, kinders, ondergeskiktes, ens.)
- Ander probeer **beheer** het deur 'n godsdienstige masker, kennis, geheimsinnigheid, werke, lang, leë gebede, ondervindinge, en super-geestelikheid.
- **Woedebuie** en **verwarring** wat ek geskep het.
- Bo-oor ander mense gehardloop of op hulle getrap het.

Vader, ek vra om **vergifnis** vir hierdie sondes. Ek kom staan vandag voor U op grond van U groot genade en die volmaakte Kruiswerk van Jesus, sowel as die versoening wat Hy vir my by U bewerk het. Op grond hiervan wil ek vandag vir U vra dat U my hande sal reinig van al die genoemde sondes, ook die waarvan ek nog nie eens bewus is nie. **Reinig** ook asseblief **my hart**, Vader!

Ek **petisie** ook by U vir die siel en verlossing van elke ander persoon wie ek ooit in my leeftyd besoedel het met my ingesteldheid en **optrede**. Ek vra nederig om vergifnis dat ek 'n struikelblok was vir hulle en ek vra dat U hierdie **vuil kleed** wat ek tot nou toe gedra het, sal verwyder en my sal beklee met nuwe klere.

Ek vra vergifnis dat ek gedrink het uit hierdie **beker van Jesebel** en my laat beheer het deur:

1. **Okkultiese geeste**
2. **Kompromie** (afgodery) deur U dissipline af te water en nie respek vir U te toon nie.
3. **Immoraliteit** en **afgodery**.
4. **Dominering, intimidering, manipulering**.
5. **Valse godsdienstigheid**.

Ek vra dat U my nou sal verlos en bevry van hierdie **5 koorde** waarmee die gees van Jesebel my vir so lank beheer het, in die Almagtige Naam van Jesus Christus.

Dankie vir volmaakte verlossing deur die Naam en Bloed van Jesus, deur die Swaard van U Woord en die woord van ons getuienis:

Open. 12:11 *"En hulle het hom oorwin deur die Bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie."*

Ek bid ook, Heilige Gees, dat U my sal begelei op hierdie nuwe pad en dat U my sal help in hierdie proses van die **vernuwing van my verstand** in hierdie areas. Ek bid dat U die **vertakkings** van die **werking** van die Jesebel gees uit al die lede van my **liggaam en siel,** sal trek, totdat daar niks oorbly nie.

Berader (Voorbeeld van gebed):

Neem hierdie **5 koorde** en **sny** hulle een vir een:

1. Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van **OKKULTIESE MAGTE** sien tussen jou en jou setel in _____ Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van OKKULTIESE MAGTE los in die Naam van Jesus Christus.

Daar staan geskrywe in

2 Sam. 22:32-37*: " Want wie is God buiten die Here, en wie 'n Rots buiten onse God? Die God wat my sterk toevlug is, en Hy het vir my 'n weg volkomelik uitgesoek. Hy maak my voete soos die van herte en laat my staan op my hoogtes. Hy leer my hande om oorlog te voer, sodat my arms 'n koperboog span. En U het my die skild van U uitredding gegee, en U neerbuigende goedheid het my groot gemaak. U het my voetstap onder my ruim gemaak, en my enkels het nie gewankel nie."*

2. Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van **KOMPROMIE** sien tussen jou en jou setel in ……..
Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van **KOMPROMIE** los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in

Hand. 24:14b *"Julle het al hierdie kwaad gedoen; maar wyk nie van die Here af nie, en dien die Here met julle hele hart."*

Mat. 22:37 "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand."

3. Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van **IMMORALITEIT** (**AFGODERY**) sien tussen jou en jou setel in ……. Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van **IMMORALITEIT** los in die Naam van Jesus Christus.

Daar staan geskrywe in

Open. 19:7 *"Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en Sy vrou HET HAAR GEREED GEMAAK."*

4. Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van **DOMINERING**, **INTIMIDERING** EN **MANIPULERING** sien tussen jou en jou setel in ……. Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van **DOMINERING**, **INTIMIDERING** EN **MANIPULERING** los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in

Joh. 10:2-5 "*Maar hy wat by die deur ingaan, is 'n herder van die skape. Vir hom maak die deurwagter oop, en die skape luister na Sy stem; en Hy roep Sy eie skape by hulle naam en lei hulle uit. En wanneer Hy Sy eie skape uitgebring het, loop Hy voor hulle uit; en die skape volg Hom, omdat hulle Sy stem ken. Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie."*

5. Ek spreek jou nou aan, Jesebel indie geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van **VALSE GODSDIENSTIGHEID** sien tussen jou en jou setel in ……. Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van **VALSE GODSDIENSTIGHEID** los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in

Joh. 4:24 " God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in Gees en waarheid aanbid."

Persoon bid self:

Vader, in die Naam van Jesus Christus, U Seun, verklaar ek nou:

- 'n **egskeiding** met die gees van Jesebel.
- 'n **kansellasie van alle aanbidding** wat sy ooit ontvang het deur my of my voorgeslag.
- **Vernietiging** van enige en alle verbonde wat met haar gemaak is.
- **Verloëning** van die Agab-gees.

In die outoriteit van die Naam van Jesus Christus, neem ek nou hierdie setel in myself in besit, en oorhandig dit aan die Koninkryk van God.

Vader, in Jesus Naam vra ek dat U **die volgende vloeke en gevolge** a.g.v. my en my voorgeslag se betrokkenheid by hierdie Jesebel gees se aktiwiteite, oor my en my nageslag sal **verbreek**:

1. Vloek van 'n **bed van pyn en lyding**
2. **Terneergedruktheid**
3. Vloek van **uiterste oordeel**
4. Vloek van die **dood** (**Open.2:22,23**)
5. Vloek van **vernedering en naaktheid**.
6. Vloek van **slawerny**
7. Vloek van **seniliteit**
8. Vloek van **homoseksualiteit** en **lesbianisme**
9. Vloek van **kanker**
10. **Skisofrenie**
11. Vloek van **egskeiding**
12. Vloek van **vroulike oorheersing**
13. Vloek van **manlike oorheersing**

14. Twyfel en onstabiliteit
15. Bloedskande
16. Lastering
17. Verlies van kinders
18. Verlies van huweliksmaat
19. Vloek van rampe en booshede
20. Eensaamheid en verlatenheid
21. Vloek van heksery
22. Vervolging

Ek vra dat U elkeen van hierdie vloeke in my en my voor- en nageslag se lewens, sal verander in 'n seën.

In die Naam van Jesus Christus, bind, en werp ek die dogter van Jesebel uit my lewe. Ek spreek **vernietiging** oor die **altare** waar Jesebel **aanbidding** ontvang het in my lewe, en rig 'n altaar daar op vir God.
Daar staan geskrywe in

2 Sam.24:25: *"Hy het net daar 'n altaar vir die Here gebou en brandoffers en maaltydoffers gebring. Hierna het die Here weer die gebede vir die land verhoor, en die plaag is uit Israel weggeneem."*

Die vesting in my lewe waar Jesebel gewoon het, word nou vernietig en 'n troon vir Christus Jesus daar gevestig.

In die Naam van Jesus Christus spreek ek nou **verwelking en dood** oor alle **vrugte van manipulasie** deur die gees van **heksery** in my lewe.

Ek vra dat U **alle suurdeeg** uit my **denkpatrone, wil, emosies en liggaam** sal verwyder wat my laat neig het om onder beheer van hierdie gees te wandel.

Vader, in Jesus se Naam vra ek dat die gees van **Elia** in my sal opstaan ten einde Jesebel in die Liggaam van Christus te ontbloot.
Ek bid Vader, dat **die harte van die vaders** gedraai sal word na die **kinders** volgens **Maleagi 4:5,6**.

Ek bid dat die **ongehoorsame** gedraai sal word na die wysheid van die regverdige – dat Goddellike beginsels geleef sal word in my lewe, ten einde spesifieke probleme die hoof te bied. Ek vra dat meer en meer **geestelike vaders en moeders** uit ons midde na vore sal tree om die weg aan te dui en ook om U volk by die hand te neem en hulle in paaie van geregtigheid te lei.

Ek bid, Vader, dat U sal toesien, deur U Gees, dat ek voorberei sal word as deel van **U Bruid sonder vlek of rimpel**.
Dankie, Abba Vader, vir U groot genade. **Seël** hierdie gebed nou met die **Bloed van Jesus Christus** en dankie dat U hoor en verlos!

AMEN